University of Pretoria etd - Small, A J (2005)

# DIE GEBRUIK VAN RITUELE EN SIMBOLE BINNE DIE EREDIENS AS DRAERS VAN HOOP

deur

**ALWYN JOHANNES SMALL**

Voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad
MA (Teologie) in die FAKULTEIT TEOLOGIE UNIVERSITEIT
VAN PRETORIA

Studieleier: Prof. H.J.C.Pieterse

Mede-studieleier: Prof. C.J.A.Vos

OKTOBER 2004

# **"Abstract"**

When looking at the society of today, we get a picture of a society that has lost hope in their lives. This picture also has an effect on the church. Regarding this phenomenon is the remark of Gerard Dekker that the church has become a fringe phenomenon and that the church has lost contact with the world. The church is in a situation of uncertainty and in a search of identity. The use of symbolism and rituals provides identity and security. When a person is confronted with the meaning of the symbol that is been used, it helps that person to give meaning to its life on to give hope for that person. But for this to happen it is necessary that the symbols are being used correct and from the basis of the Scripture.

The main place were the symbols and rituals are being used is in the place of public worship. Therefore it is necessary that we will understand what happens in the public worship and who the person is that comes to the public worship. It is also necessary to look at reasons for the insufficient use of symbols in the public worship. In a study that is being made we find that the most significant aspect on the preaching is the atmosphere that there is in the public worship. The church lives in a time of changes and these changes have an affect on the church and the preaching. The public worship is also a creative process were the role of the Scripture, the traditions and the context are important.

When using symbols in the public worship we have to look at the communication theory of Ricoeur. For Ricoeur the narrative plays an important role. The process of understanding is for him a creative process where he makes use of stories, metaphors and symbols. From his communication theory it is important that the listener are included. The use of symbols is for him a help in understanding. The symbols also have a double significance, namely unveiling and concealing.

The thesis also shows out the role that the Reformation, the Modernism and the Post Modernism have on a person and the way we understand the Word of God. The use of symbols is helpful in the communication of the Word of God to the Post Modern person. The challenge for the preaching is that the symbols are being used in a manner that the other reality is being communicated to the Post Modern person.

The last two chapters of the thesis concentrates on the role that symbols plays in our lives; the characteristic of symbols; the conditions for the use of symbols and the use of symbols and rituals. When it comes to the use of symbols we see that these symbols gives meaning and hope to a person.

**<u>Sleutelterme wat in die verhandeling na vore kom:</u>**

Identiteit; Liturgie; Hoop; Ritusse; Simbole; Kommunikasie; Atmosfeer; Erediens; Oorgangstyd; Post Modernisme; Ontmoeting

University of Pretoria etd - Small, A J (2005)

# INHOUDSOPGAWE

**Inleidend** **7**

**Hoofstuk 1: Die eie unieke aard van die erediens.** **12**

1.1. Wat gebeur eintlik in die erediens? 15

1.2. Redes vir die gebrekkige simboliek in die Gereformeerde liturgiese tradisie. 21

1.3. Die kerk leef in 'n oorgansgtyd. 23

1.4. Die erediens as 'n kreatiewe proses. 28

**Hoofstuk 2: Die waarde van die kommunikasie benadering van Paul Ricoeur.** **35**

**Hoofstuk 3: 'n Verkenning van die invloed van verskillende tye op die hoorder.** **46**

3.1. Die tyd van die Reformasie. 46

3.2. Die tyd van die Modernisme. 48

3.3. Die tyd van die Postmodernisme. 49

3.3.1. Die hedendaagse homiletiese klimaat. 52

3.3.2. Ses postmoderne motiewe as tipering van 'n homiletiese klimaat en as uitdaging vir die homiletiek. 54

3.3.2.1. Die motief van die terreur vrye ruimte. 54

3.3.2.2. Die motief van die terreur openheid. 56

3.3.2.3. Die motief van die oop wit spasies op die bladsy van 'n teks. 57

3.3.2.4. Die motief van die geheim. 58

3.3.2.5. Die motief van die verbeelding. 59

3.3.2.6. Die motief van die onderbreking. 61

3.4. Die uitdaging vir die prediking. 63

**Hoofstuk 4: Die kommunikasie van geloof deur middel van simbole. 65**

4.1. Die kommunikasie van geloof in 'n mondelingse kultuur. 65

4.2. Die simboliese weg. 66

4.2.1. Simboliese taal. 68

4.2.2. Simbole spreek die hart aan. 69

4.2.3. Simbole bring kennis en heling bymekaar uit. 69

4.2.4. Simbole bevorder eenheid tussen mense. 70

4.2.5. Simbole skep 'n area van vryheid. 71

4.2.6. Simbole maak ons oop tot die geestelike. 71

4.2.7. Simbole bring hoop binne mense se lewens. 72

4.3. Die proses van die simboliese weg. 72

4.4. Die gebruik van simbole en rituele. 73

4.4.1. Kultuur 74

4.4.2. Simbole en rituele. 77

4.4.2.1. Simbool 79

4.4.2.2. Simboolhandeling 80

4.4.2.3. Simbooltaal 80

4.4.3. Kenmerke van 'n goeie ritueel. 82

**Hoofstuk 5: Die gebruik van simbole binne die erediens. 84**

5.1. Die waarde van simbole binne die erediens. 85

5.2. Voorwaardes vir die sinvolle gebruik van simbole in die Gereformeerde erediens. 86

5.3. Uitbouing van spesifieke liturgiese simbole. 89

5.3.1. Simboliek van liggaamlike beweging. 89

5.3.2. Simboliek van kunsvorme. 91

5.3.2.1. Adventstyd 92

5.3.2.2. Kerstyd 95

5.3.2.3. Epifanie 96

5.3.2.4. Lydenstyd 97

5.3.2.5. Paastyd 100

5.3.2.6. Pinkstertyd 102

5.3.2.7. Koninkrykstyd 102

5.4. Funksie van simbole en rituele. 103

**Slotopmerking 105**

**Lys van geraadpleegde werke. 106**

University of Pretoria etd - Small, A J (2005)

# DIE GEBRUIK VAN RITUELE EN SIMBOLE BINNE DIE EREDIENS AS DRAERS VAN HOOP

## Inleidend

Die Afrikaanssprekende kerke van reformatoriese inslag verkeer sedert die politieke verandering in 1994 binne Suid-Afrika in 'n gemarginaliseerde posisie binne die breë samelewing (Pieterse 1998:342). Die posisie wat die kerk altyd beklee het is skielik nie meer daar nie. Mense, veral die blanke Afrikaans sprekende ervaar en beleef dat hulle skielik van sekere sekuriteite gestroop is binne die samelewing wat dan op die ou einde tot 'n minderwaardigheids gevoel lei. Saam met dit ontstaan ook ander omstandighede en situasies soos byvoorbeeld geweld, 'n toename van misdaad, werkloosheid, jong mense wat die land verlaat ensovoorts.

Om sake te vererger het ons ook ons kulturele simbole verloor. Simbole soos byvoorbeeld die landsvlag, talle standbeelde en straatname, om maar enkeles te noem het met verloop van tyd verdwyn. Daarmee saam het ook talle kulturele en volkseie feeste in die slag gebly. Vir die nuwe geslag wat saam met die nuwe simbole opgroei is die aanvaarding en in besonder die verstaan daarvan soveel makliker.

Binne die kerklike terrein gaan dit nie noodwendig altyd beter nie. Talle lidmate moes selfs binne die kerk ook beleef en ervaar het hoe ou bekende simbole selfs binne die kerk verdwyn. Hier kan ons byvoorbeeld net dink aan talle ou kerkgeboue wat leeg geloop het en vir nuwe doeleindes soos

byvoorbeeld ‘n kunsgalery aangewend word. Waar nuwe kerkgeboue opgerig word is die argitektoniese struktuur en ontwerp daarvan ook heeltemal anders om by die beeld van ‘n meer moderne samelewing in te pas of om meer prakties gerig te wees. Wanneer hierdie nuwe kerkgeboue opgerig word, sien ons dat selfs die kerkklok as ‘n bekende simbool binne die kerk in die slag bly. Van kindsbeen af onthou ons elkeen hoedat die kerkklok op simboliese wyse die roepstem van God was wat ons op ‘n Sondag daaraan herinner het dat God ‘n uitnodiging tot ons rig om na Sy huis op te kom. Talle van die ouer lidmate worstel dan ook daarmee om in die nuwe kerk sentrums te aanbid en die gevoel dat die kerk as simbool verdwyn word dan ook in besonder deur hierdie lidmate beklemtoon.

‘n Ander bedreiging wat die kerk ervaar is die besef dat lidmaatgetalle ook jaarliks afneem. Talle gemeentes voer ook ‘n hewige stryd teen oorlewing as gevolg van finansiële druk. Talle jongmense worstel ook geweldig baie met die geskiedenis van die kerk, veral as dit kom by die kerk se aandeel en rol ten opsigte van apartheid. Hierdie omstandighede dra dan ook in ‘n besondere sin daartoe by dat die kerk as simbool binne ‘n samelewing verloor word. Gedurende 1996 het Prof. Gerard Dekker, ‘n godsdienssosioloog van die Vrije Universiteit in Amsterdam, Suid-Afrika besoek. Sy waarneming tydens sy besoek was dat die Afrikaanse kerke besig is om in hulle self terug te trek wat die gevolg het dat die kerk ten opsigte van die samelewing ‘n randverskynsel word en dan sodoende alle sinvolle kontak met die samelewing verloor (Vos & Pieterse 1997:109).

Hierdie situasies en omstandighede tesame met die minderwaardigheidsgevoel lei daartoe dat mense ook begin om hoop te verloor binne hulle lewens. Daar word dan ook vanuit hierdie situasies met nuwe oë na die kerk gekyk as die gewer en verkondiger van hoop. Die opmerking van Prof. Gerard Dekker tydens sy besoek aan Suid-Afrika gedurende 1996 stel aan die kerk ook die uitdaging om die verkondiger van hoop binne die samelewing te wees, maar daarmee saam om ook die talle uitdagings wat die samelewing bied die hoof te kan bied.

Wanneer ‘n minderheidskultuurgroep binne ‘n dominante kultuur hulself moet handhaaf, word die rol van godsdiens uiters belangrik. Vanuit ‘n godsdienspsigologiese perspektief merk Jongsma-Tieleman op voetspoor van Erikson op dat godsdiens as dit goed is, die bewaker van hoop is. *“Godsdienst behoedt en bewaardt de hoop op verschillende manieren. In de geloofsinhoud wordt de hoop gefundeerd in God, zodat menselijke levenswaarden op een existentieel niveau bevestigd worden. In godsdienstige vieringen wordt hieraan een rituele vorm gegeven, en wordt het hierdoor als het ware voelbaar gemaakt voor de gelovigen. En verder functioneert godsdienst als hoedster van de hoop doordat zij een maatschappelijk en cultureel instituut vormt”*. Hierdie insigte is vir die kerk en teologie uiters belangrik in ons situasie. Dit laat die kollig in besonder val op die liturgie en op die kerk as geloofsgemeenskap.

Die kerk van vandag bevind homself in ‘n situasie van onsekerheid. Daar is ‘n soeke en bevestiging na identiteit. Hierdie soeke na gemeentelike identiteit in

die nuwe situasie sal in die rigting van 'n kommunikatiewe identiteit moet wees. Vanuit hierdie identiteit moet daar dan ook die hoop gebied kan word. Die liturgie binne die erediens sal as bewaker van die hoop en die uitdrukking van die identiteit van ons geloofsgemeenskap moet optree.

Verder is dit belangrik om te let op 'n aanhaling van Sagovsky waarin hy beklemtoon dat die mens leef in en uit die verwysingskrag en kommunikasie van simbole. Dit verskaf identiteit en geborgenheid. *"Some of the most creative thinkers in the twentieth century have been at great pains to warn us that we should care for our symbolism as we care for our mental and spiritual health"* (Sagovsky 1978:4).

Bo en behalwe ons unieke situasie waarin ons, ons mees fundamentele kulturele simbole verloor het, is daar nog 'n algemene aanslag op die verlies van simbole in die moderne Westerse denkwêreld waarvan ons deel is. Sagovsky waarsku: *"We recognize the need for symbols, we lament the loss of symbols, we try to find new symbols, but the onslaughts of rationalism, the aggressive use of technology, the concern to computerize and quantify have caused a deep loss of confidence that symbols have any 'meaning' at all"* (Sagovsky 1978:3).

Daar is 'n aanvoeling dat ons in die situasie van onsekerheid en moedeloosheid heil in die liturgie moet soek. Daar is egter ook heelwat verwarring onder ons in hierdie soeke na 'n eie identiteit en 'n deurleefde eredienservaring. Die eksperimente in die rigting van die Charismatiese styl lê

ongelukkig die klem te swaar op die emosionele belewing. Verder word die ryke tradisie van ons Gereformeerde erfenis onderskat en het dit ook al gebeur dat daar weinig aandag in simbole in ons eredienste in die verlede gegee is. In ‘n tyd waarin gemeentelede op soek is na hoop, vastigheid en identiteit kan die gebruik van rituele en simbole binne die erediens juis daartoe help om hierdie doelwitte te bereik. Die gebruik van rituele en simbole kan lei tot nuwe ervaringe van die teenwoordigheid, genade en verlossing van die Here. Dit sal ons ook help om weer hoop aan mekaar te verkondig en nuwe uitdagings en ideale in die Afrikaanse kerke te ontdek.

Wanneer dit kom by die gebruik van rituele en simbole binne die erediens dan is dit belangrik dat ons altyd sal uitgaan van die primaat van die Skrif in die verstaan en oorweging van die funksie van rituele en simbole en welke simbole ons in die liturgie goed sou kon gebruik.

# Hoofstuk 1

## Die eie unieke aard van die erediens

Wanneer die skryfster Annie Dillard na die kerk kyk en die mense wat daar in die banke sit soos wat ons elke Sondag sit, dan vra sy moedeloos: *“Het enigeen van ons die vaagste benul met watter krag ons hier te doen het as ons so ongeërg hier sit en mooi God-woordjies sê?”* Sy sê die meeste gemeentes is soos kinders wat op die vloer sit en speel met hulle chemiese stelletjies, onbewus daarvan dat hulle besig is om dinamiet aanmekaar te sit.

Om in die erediens Sondag na Sondag te sit is nie om na ‘n onskadelike gesellige byeenkoms te gaan nie. As die wêreld weet wat werklik binne in die kerk aangaan, sal hulle ons verbied om hierheen te kom, soos wat in baie lande wel die geval is. Want in die erediens sing ons bevrydingsliedere en praat ons mekaar moed in. Daar droom ons oor ‘n wêreld wat God s’n is en net God s’n.

Die Christelike godsdiens is eintlik heeltemal anders as alle ander godsdienste. Ons het byvoorbeeld nie ‘n spesiale tempel waar God nou eintlik woon, meer as op ander plekke nie. Vir ons is Hy altyd en oral by ons. Ons bring ook nie offers vir God soos wat mense rys neersit vir Boeddha nie. Die offer word by ons andersom gebring: God bring die offer vir ons in sy Seun Jesus wat vir ons sterf aan die kruis. Die offers wat ons bring, is ons diens aan ons naaste in die lewe van elke dag, want as ons dit aan die

geringste gedoen het, het ons dit aan Hom gedoen (Matteus 25). God wil weet of ons onbaatsugtig dien in die alledaagse lewe en nie soseer hoe vroom ons Sondag in die kerk lyk nie! Die vraag is hoe ons die feit moet verstaan dat ons op twee maniere vir God dien, naamlik Sondae in die kerk en dan in die alledaagse lewe waar ons Hom dien deur onsself daar op die *"altaar van die werkplek, of huis, of huwelik of waar ook al te offer"* soos Romeine 12:1 van ons vra. Want hoekom moet ons dan enigsins nog kerk toe kom as die Here eintlik wil hê ons moet Hom buite die kerk in die alledaagse lewe dien en vereer? Gaandeweg het ek ook begin vermoed dat die manier hoe ons die erediens inrig, en selfs hoe ons preek, mense nie altyd help om God in die lewe daarbuite te dien nie.

In die Ned Geref Kerk is daar op die oomblik 'n nuwe belangstelling in die erediens. Ons besef al hoe meer hoe arm ons geraak het aan simbole en rituele en hoe uit voeling ons geraak het met die res van die wêreldkerk. Een gevolg hiervan is dat geweldig baie gemeentes op die oomblik weer in lyn kom met die verskillende seisoene in die kerklike jaar soos dit wêreldwyd gevolg word. Baie gemeentes gebruik elke Sondag tekste uit 'n leesrooster wat op daardie selfde Sondag in kerke wêreldwyd gebruik word. Eeue-oue gebruike waarvan ons nie eers meer geweet het nie (byvoorbeeld Aswoensdag), word opgedelf. Ons is weer bewus van liturgiese kleure. Simbole soos kerse, die kruis, 'n doringkroon en palmtakke duik skielik weer in eredienste op. Maar saam met hierdie eeue-oue gebruike wat ons help om 'n byna mistieke ervaring van God te hê, vra al hoe meer gemeentes na lewendige, opgewekte eredienste waar mens kan "sien" dat die Gees werk.

Daarom leen gemeentes in die Ned Geref Kerk tans ook baie gebruike by die charismatiese kerke, veral van hulle liedere en aanbiddingstyl. Wat ‘n mens ‘n bietjie bekommer, is dat ons nie altyd dink wat ons doen as ons sommer so ‘n bietjie hier vat en ‘n bietjie daar vat nie. Want saam met elke gebruik wat ons oorneem, kom eintlik ‘n hele manier van dink oor God saam. Dis nie verkeerd nie, solank ons dit net besef en dit vir ons in orde is om so oor God te dink. Anders kan dit wees dat ons sommer net iets in die erediens doen omdat dit lekker lyk, goed werk en mense beïndruk of die idee gee dat ons byderwets is, maar nie vir mense regtig help om God te leer ken nie.

Dit moet ons bekommer dat die manier waarop ons erediens hou, mense soms net help om so bietjie te ontvlug uit die lewe uit. Die erediens is nie veronderstel om maar net ‘n blaaskansie, ‘n oasetjie in die woestyn van die lewe met sy probleme te wees nie. Natuurlik is dit goed om by God tot rus te kom in die erediens, maar die rus moenie wees dat jy so bietjie vergeet van die probleme nie. Dis nie ‘n wegkruipplekkie nie. Die erediens is die plek waar jy juis jou eie probleme en die nood van die hele wêreld nie ontken en wegsteek nie, maar dit voor God kom lê en vra dat Hy sy lig daarop sal laat skyn.

Die erediens word dikwels ervaar soos wanneer mens uit die fliek uitstap - Jy het in die fliek ‘n ander wêreld beleef. Maar as jy uitstap in die helder daglig, dan verblind dit jou en voel jy skoon simpel dat jy so pas nog gesit en huil het vir ‘n mooi storie. So kan die lewe ons ook verblind as ons by die kerk uitstap. Meteens is die rustigheid van die kortstondige ontvlugting daarmee heen.

As ons na die erediens kyk, dan is dit aan die een kant hartseer om te erken dat daar binne die erediens so lank slegs klem geplaas was op die kognitiewe aspek. Dit beteken dat al die klem binne die erediens vir so lank slegs op die regte leer en onderskrywing van die waarheid waarin ons glo ten opsigte van die evangelie geplaas was. Die hartseer gevolg is dat die emosionele kant, die belewenis kant en die kontak met die geheimenis kant van God minder klem by die mens gekry het.

Uit bogenoemde kom ons tot die besef dat daar aste ware die heel tyd binne die erediens slegs voorsiening gemaak is vir linkerbrein dominante persoon. Wat ons egter buite rekening laat binne die erediens is dat ons met beide linkerbrein en regterbrein dominante mense binne die erediens sit. Daarom is die uitdaging binne die erediens om juis beide hierdie groepe te akkommodeer. Babin praat hiervan as **stereo communication**: *"Applied to religious education, stereo means that we can speak two languages in a simultaneous but really quite different manner – the language of Gutenberg and the symbolic language. In a sense a decision is made in favour of both hemispheres of the brain and their special ways of functioning. In using stereo, we have to respect both kinds of language, we have to produce symbolism thoroughly and this calls for places, times and special context."*

### 1.1. Wat gebeur eintlik in die erediens?

Die erediens met sy liturgie in ons tradisie is 'n unieke vindplek van kontak met God en Sy heil. Dit is die plek waar daar vergiffenis, verlossing, genesing,

liefde en inspirasie in die teenwoordigheid van die Here meegedeel en ondervind word. Die erediens is 'n vindplek van heil vir die verslae, verlore en hoop-lose mens. In die erediens heers daar 'n unieke atmosfeer en vind daar 'n unieke gebeure plaas wat nêrens anders in die wêreld ervaar kan word nie. Wanneer ons in die erediens instap moet ons die ervaring hê dat daar iets totaal anders aan die gang is as op enige ander plek. Die uitstaande kenmerk van die erediens is dat dit juis die plek is waar God ontmoet word. Iets van Sy teenwoordigheid en misterie moet dadelik binne die erediens beleef en ervaar word.

In die erediens vier ons 'n fees. Dit beteken inderdaad dat ons ophou werk en nou eers speel. Dit beteken dat ons vir 'n oomblik ophou vra wat kan ek hier regkry, watter doelwitte streef ek na, watter "deadlines" het ek, wat moet ek nou doen en al die ander vrae wat ons elke dag vir onsself in ons werksopset vra. In die erediens kom "doen" jy nie iets nie. Jy kom "wees" net. Hoekom gaan jy na 'n partytjie toe? Om iets reg te kry? Om iets gedoen te kry? Tog nie! Jy gaan na 'n partytjie toe om so bietjie "mens te wees", om so bietjie jou medemens te geniet, saam te lag en te kuier. Jy gaan om oor koeitjies en kalfies te gesels, klein dingetjies wat op die ou end baie belangrik is omdat dit die dinge is wat die lewe interessant maak, maar waaroor ons nie praat terwyl ons werk nie. Die erediens is ook so. Daar kom jy om mens te wees, met God te kuier, te gesels oor al die groot goed, maar inderdaad ook al die klein goedjies wat die lewe lekker of sleg maak. Al daardie dinge kom sit ons in die erediens voor God neer.

Maar nou sit jy binne die erediens met dieselfde werksprobleme, huweliksprobleme of politieke probleme as buite die erediens. Maar in die erediens leer jy om met 'n ander bril daarna te kyk. Vat 'n pak van 54 kaarte en jy kan daarmee brug speel. Vat dieselfde pak en jy kan rummy speel, of poker. Dit hang alles van watter reëls vir die spel geld. In die erediens leer ons om dieselfde kaarte, dit wil sê met dieselfde wêreld, hongersnood, siekte, werkloosheid, huweliksprobleem of wat ook al te hanteer, maar met ander reëls - Koninkryksreëls. Daar kies ons om na probleme uit 'n ander hoek te kyk en dit te sien as geleenthede vir God om vir ons nuwe kante van Homself te wys.

Die erediens is die plek waar ons herinner word aan wat Christus klaar vir ons gedoen het, eens en vir altyd. Dit gaan daarom nie oor die oulike goedjies wat ons in die erediens doen of die goeie preke wat ons daar wil hoor nie. Dit gaan oor wat Christus gedoen het. Beteken dit dat ons hande afgekap is en ons geen rol het in die erediens nie? Natuurlik nie! Martin Luther het gesê dit werk soos 'n testament. Die persoon wat oorlede is het in sy leeftyd rykdom versamel en laat dit na sy dood na aan sy erfgename. Dit is dus nie die goedheid van die erfgename wat aan hulle hulle rykdom gee nie, maar die goedheid en hardwerkendheid van die een wat die erflating nalaat. Aan die ander kant, sê Luther, sal die testament nie in werking tree en die rykdom nie in die sakke van die erfgename beland as hulle nie sekere dinge doen nie. Hulle moet byvoorbeeld die prokureur besoek, die testament lees en die erflating in ontvangs neem. So werk die erediens ook. Die Here is daar om alles wat Hy vir ons verdien het deur die dood en opstanding van Jesus

Christus aan ons uit te deel. Uit genade gebruik Hy wel menslike woorde en handelinge in die erediens om sý werk te doen. Dis belangrik om in elke erediens te besef dat ons nie daar besig is om te offer aan die Here soos mens kos en geskenke vir 'n afgod neersit nie. Die offer is klaar op Golgota gebring - vir ons! In die erediens wys God vir ons wat daardie offer van Christus beteken vir elke probleem of nood in ons lewens en ons wêreld.

Die erediens is die plek waar ons tot in ons toekoms sien. Daar sien ons dat God nie klaar is met die wêreld nie, maar besig om dit te lei na die voleinding toe. Daarom is die erediens die plek waar ons God se beloftes ernstig opneem. Hierdie beloftes van God is soos 'n kragveld, 'n hoogspanningsveld van baie volts! Voor jy tou opgooi en besluit dat jy nou maar eenmaal niks aan jou eie en die wêreld se probleme kan doen nie of voordat jy aan die ander kant die reg in eie hande wil neem en God se werk beter as Hyself wil gaan doen, is die erediens die plek om jou bekommernisse en twyfel heen te bring. Daar kom sit jy dit in hierdie kragveld van die beloftes van God neer waar die vonke spring en die volts reeds knetter.

Dit is dus belangrik om nie in die erediens te probeer vlug van die wêreld daarbuite nie, maar om dit juis voor God neer te lê. En hoe doen ons dit? Vreemd genoeg, deur te kla! By God te kla oor die dinge in die wêreld wat nie in ooreenstemming is met Sy beloftes oor wat nog uit sy hand aan die kom is nie. Dis die soort kla wat maak dat jy daar opstaan en buite iets gaan doen om die wêreld meer te laat lyk soos God se wêreld. Ek glo ons móét lofprysing hê, maar ons moet pasop dat ons nie loof asof ons al klaar in die

hemel is nie. Ons is nie in die hemel nie, ook nie as ons Sondae in die kerk is nie. Daarom moet ons ook heilige klaagliedere laat opklink soos die psalmdigters van ouds, sodat ons daarmee sê: die wêreld hoef nie te lyk soos hy lyk nie. En as ons loof, moet dit wees omdat ons weet dat God werklik ons klag hoor.

Long gee die volgende kenmerke wat binne ware en lewende eredienste na vore kom:

- Binne die erediens is daar altyd die ruimte vir die ervaring van God se teenwoordigheid en misterie.
    - Eredienste is dus die plek waarin mense weet die lewende God – Vader, Seun en Gees – werklik teenwoordig is en waarheen hulle kom met die verwagting om Hom te ontmoet en Hom beter te leer ken.
- Eredienste het beplande en gekoördineerde pogings om gasvry teenoor die vreemdeling te wees.
    - Eredienste is die plek waarin mense met oop arms ontvang word, tuiskom en deelgemaak word van die groot, nuwe familie van God – die God wat vreemdeling met gasvryheid oorlaai.
    - Eredienste is die plek waarheen ons met vrymoedigheid die volle pathos (chaos, pyn, “messiness”) van ons menslike lewens kan bring in die wete dat God reeds alles weet, ons liefhet en die lewe nuut kan maak.

  - Eredienste is die plek waarin die selfopofferende God ons inbring in die kragveld (ruimte) van sy seënende, vergewende, helende en lewensveranderende liefde en deur sy Gees ons kan nuut maak.

- Eredienste is die plek waar die dramatiese inhoud van die evangelie ontdek is en waar dit sigbaar gemaak word in die liturgie.
- Eredienste het musiek en gemeentelike sang wat van uitnemende kwaliteit is en wat eklekties is in styl en genre.
- Eredienste is die plek waarin die ruimte en omgewing van die diens kreatief ingerig word om die erediens gebeure te komplementeer.
- Eredienste trek duidelike lyne tussen die erediens gebeure en die gemeente se missionêre roeping na buite. Hierdie verbande is duidelik in elke aspek van die erediens.
- Eredienste is die plek waarin daar ‘n redelik vaste diensorde bestaan, maar waarbinne daar ook ruimte is vir afwisseling en alternatiewe wat die ritme en vloei van die diens positief dien.
- Eredienste is die plek waarin vreugdevolle lof en viering ‘n vaste plek vind.
- Eredienste word gelei deur sterk, liefdevolle, wyse en charismatiese leiers.

Gedurende 1990 het JC Lemmer in ‘n empiriese ondersoek bevind dat een van die belangrikste faktore vir die vernaamste effek van die prediking op gemeentelede die atmosfeer is wat in die erediens heers. Dit is juis daarom dat Sagovsky ook waarsku dat ons nie met die liturgie in die erediens so moet optree asof daar in ‘n besigheidsomgewing van die alledaagse lewe gewerk word nie.

## 1.2. Die redes vir die gebrekkige simboliek in die Gereformeerde liturgiese tradisie.

Wanneer daar in die gereformeerde liturgiek nagedink word oor die gebruik van ritusse en simbole binne die erediens, moet daar veral gewaak word teen die ongebalanseerde standpunt dat die tradisie enige simboliek mis in die erediens. Daar is tog heelwat simboliek in die samekomste van gemeentes binne gereformeerde liturgiese tradisie soos byvoorbeeld:

- Daar is gebare van die liturg by die seëngroet en die seën;
- Daar is die stilword op die kanseltrappies deur die prediker;
- Die oë word gesluit en hoofde word gebuig tydens gebed;
- Die breek van die brood en die skink van die wyn by die nagmaal is simbolies;
- Die doophandeling met die water as simboliese middel;
- So ook die gebaar van die oop Kanselbybel;
- Baie kerke het as deel van die argitektoniese ontwerp ‘n kruis;
- Die gebruik van kanselklede;
- Die kerklike drag van die liturg, waar daar gebruik gemaak word van togas en stolas het simboliese waarde.

Ongelukkig moet ook gesê word dat die simboliek verslete geraak het. Die soberheid ten opsigte van simbole en kunsvorme in die gereformeerde erediens, wat kenmerkend was van die sestiende-eeuse reformatoriese liturgiese ideale het verander in ‘n totale armoede (Strauss 1995:87). Die grootste rede vir die armoede lê daarin dat ons baie min maak van ons simbole, dat ons nie meer bewustelik daarmee omgaan nie en dat ons nie

moeite doen om met kreatiwiteit op estetiese wyse vir sekere dienste sekere moeite te doen wat die aanbring van simbole aanbetref nie. Hier kan ons byvoorbeeld dink aan die aanbring van palmtakke by die kerk se ingang met die herdenking van Jesus se intog in Jerusalem.

'n Verdere rede vir die armoede in ons liturgie aan simbole, of voldoende bewustheid daarvan is die soberheid ten opsigte van simbole en kunsvorme in die reformatoriese erediens. Calvyn was 'n voorstander vir die gebruik van simbole veral wanneer dit gekom het by gebed waarin die gemeente kon neerkniel as teken van eerbied en nederigheid voor God, en dan ook die ophef van hande as simbool van vertroue in en brandende verlange na God. By die gebruik van beide hierdie simbole was die vereiste dat dit gepaard moes gaan met 'n egte innerlike houding van nederigheid en verlange. Calvyn was wel gekant teen die knielende ontvangs van die brood en die wyn, omdat dit herinner aan die aanbidding van die elemente deur die Rooms-Katolieke, asof hierdie elemente Jesus self bevat. Dit is moontlik vanweë hierdie rede dat alle simboliese gebare van kniel en die ophef van hande later uit die gereformeerde tradisie verdwyn het (Strauss 1995:87). Die reaksie op die oordrewe versiering in die Roomse liturgie en handelinge wat nie die toets van die Skrif kan deurstaan nie, het die Reformasie tot soberheid oor hierdie saak gebring. Die gevolg was dat die soberheid verander het in 'n totale armoede.

'n Verdere rede vir die simboolarmoede binne die gereformeerde liturgiese tradisie is die feit dat die universele Christelike kerk, nie net die

Gereformeerdes nie, gekapituleer het voor die Aufklärung se neiging tot sogenaamde wetenskaplike objektiwiteit en intellektuele kommunikasie. Dit het gelei tot die geringskatting van die mens se behoefte om sy gevoelens ook simbolies uit te druk. Die gevolg was dat die Gereformeerde erediens in die praktyk verval het tot 'n "rasioneel-didaktiese, grootliks monologiese preekdiens, met die nagmaal as 'n insidentele aanhangsel" (Strauss 1995:87).

### 1.3. Die kerk leef in 'n oorgangstyd.

Die aandag aan simbole in die erediens het in ons tyd noodsaaklik geword. In 'n tyd van sekularisasie en materialisme word dit al hoe moeiliker vir mense om op die verstandsvlak alleen die Here te ontmoet. Die mens van vandag is ook meer ingestel op die visuele. Dit is hoofsaaklik dan ook toe te skryf aan die invloed wat televisie en rekenaars as kommunikasie medium op die mens het. Juis as gevolg hiervan is dit belangrik dat die estetiese sy van die gereformeerde erediens uitgebou sal word.

As gevolg van die feit dat ons binne die kerk in 'n oorgangstyd leef is dit belangrik dat ons sal besef dat rituele en simbole ter aanvulling van die Woord en die amp ons geweldig baie kan help om in die oorgangstyd meer sinvoller en konstruktief met God te leef (Burger 1995:75).

Volgens Turner (1967, 1969) speel die rituele proses 'n belangrike rol in die oorgangstyd binne 'n gemeenskap. Turner noem so 'n oorgangstyd 'n fase van liminaliteit. Die vaste reëls en ordes van die vorige fase het verval. In die liminale fase is daar 'n gebrek aan vaste reëls en orde. Mense moet nuwe

reëls en strukture in ‘n nuwe fase van hulle lewe ontwikkel. Dit is ‘n fase waar die ervaring van verlies en onsekerheid sterk is. In so ‘n fase is daar ‘n groot behoefte aan simbole.

Turner het ook aangetoon dat die proses wat in die lewens van individue afspeel in die oorgangsrites sy verloop het. Hy praat dan in besonder van die *societas tyd* van ‘n samelewing wat volgens vaste reëls goed funksioneer, goed gevestig is en gewoonlik welvarend is. Dan vind daar ‘n dramatiese verandering plaas wat so ‘n gevestigde samelewing by ‘n krisis uitbring en in ‘n *communitas tyd* werp. Dit is ‘n onsekere, vloeiende gemeenskap met weinig sekuriteit en vaste reëls. Hierdie liminale fase is ‘n herrangskikking-fase waar nuwe vorme van gemeenskap, nuwe reëls en ‘n nuwe samelewing ontwikkel. Dit loop dan uit op ‘n herintegrasie-fase waarin ‘n nuwe *societas* gevorm word (Turner 1974).

Turner beskryf die rituele proses as ‘n proses met drie fases, naamlik “seperation”, “liminality”, en “reaggregation” as ‘n antropologiese wyse waarop die oorgangsrites verstaan kan word.

Turner maak ‘n duidelike onderskeid tussen wat hy noem ‘n *communitas*-situasie en ‘n *societas*-situasie. As ons die term “communitas” hoor, dan hoor ons die Engelse term “community” wat dui op ‘n samelewingsvorm en situasie wat meer informeel en losser gestruktureerd is as die meer formeel gestruktureerde “societas”-samelewing of situasie waarin ons die Engelse term “society” hoor.

Ons sou verder kon sê dat 'n *societas-situasie* 'n voorspoedfase in die ontwikkeling van 'n samelewing of groep aandui. Dit is 'n tyd wanneer 'n gemeenskap sy probleme tot op groot hoogte onder beheer gekry het, goed gestruktureer en georden is en 'n groeifase beleef. Kenmerkend van so 'n societas-tyd is dat die meerderheid van die mense in die groep goed voel oor hulleself en hul groep, dat hulle veiligheid en rustigheid ervaar en oordeel dat hulle die toekoms met redelike vertroue kan tegemoetgaan. In die geskiedenis van Israel was die hele vestigingstyd, maar veral die Dawid-era, by uitstek 'n voorbeeld van die societas-tyd. 'n Saak wat gewoonlik sterk saamval met 'n societas-tyd is 'n proses van "institusionalisering". Wanneer 'n samelewing beheer oor homself en oor sy lewe begin kry, ontwikkel hy al hoe meer 'n vaste orde en struktuur vir homself. Reëls word gemaak, mense word aangestel om bepaalde funksies waar te neem en sekere rolle in die struktuur te speel. Later word hierdie geïnstitusionaliseerde struktuur 'n netwerk van stelsels en funksies wat 'n baie groot deel van die lewe beheer.

Hierteenoor kry ons ook die *communitas-situasie*, wat gekenmerk word deur onsekerheid en oorgang. In so 'n tyd is daar 'n deels bewuste, deels onbewuste losknoping van die sekerhede en vaste reëls van die vorige fase. Daar vind 'n soort verkleining van 'n mens se lewe plaas, met meer nadenke, inkering en 'n sterker bewustheid van jou emosies en ervarings. Kenmerkend is ook die ongestruktureerdheid van so 'n tyd. Dit is so dat die meeste mense se ervaring van 'n communitas-situasie aanvanklik oorheersend negatief is, grotendeels as gevolg van die ongestruktureerdheid daarvan. Op die duur kan

dit egter 'n baie betekenisvolle tyd wees waarin mense die geleentheid kry om hulle lewenswaardes en lewensin opnuut te formuleer. In die geskiedenis van Israel sou die jare in Egipte, die woestyntyd en later weer die ballingskap gesien kon word as voorbeelde van communitas-tye.

Daar is verskillende omstandighede wat kan maak dat 'n societas-situasie oorgaan in 'n communitas-situasie. Soms kan dit teweeggebring word deur buite faktore wat die een of ander krisis vir die groep veroorsaak. Soms kan dit meer te doen hê met negatiewe patrone in die groep self wat tot uiteindelike dekonstruksie en disintegrasie lei. Soms kan dit bloot 'n natuurlike oorgangsituasie wees.

Wanneer Turner oor die communitas- versus die societas-fase skryf, maak hy die punt dat die lewensgevoel in die twee situasies hemelsbreed verskil (Turner 1969:106 e.v.). 'n Mens kan byna nie dink dat die lewe vir dieselfde groep mense in die verskillende situasies so kan verander wat gevoel en ervaring betref nie. Verder is dit so dat juis die tyd wat "onsekerder" voorkom, ook die tyd is met die meeste moontlikhede vir vernuwing, groei en lewensverdieping.

Turner beweer verder dat die ordeninge en geïnstitusionaliseerde gedragsisteme wat in 'n societas-situasie redelik goed gewerk het, dalk nie in 'n communitas-situasie ewe goed gaan funksioneer nie. 'n Communitas-situasie vra gewoonlik om die herrangskikking van verhoudings, reëls, ordes en gedragskodes. Die goeie nuus wat Turner deur sy model vir ons deurgee

is dat daar werklik gereken kan word op die besondere en seënryke teenwoordigheid van die Here in die oorgans- en krisistye. Die communitas-tye het sin, somtyds baie meer sin as die gemaklike en gerieflike societas-tye.

Turner het ‘n teorie ontwikkel rondom die verandering van ‘n societas-situasie na ‘n communitas-situasie. Hy praat van ‘n “social drama” (Turner 1974:23-59). Wanneer ‘n groep die een of ander krisis of groot verlies ervaar, word die societas-situasie opgehef en begin die sosiale drama – ‘n proses wat gewoonlik deur vier fases ontwikkel. Turner se vier fases is:

- Die afbreekmoment (“breach”);
- Die werklike krisis (“crisis”);
- Die lang herrangskikking-fase (“redressive action”);
- Die herintegrasie-fase (“reintegration”).

Hierdie vier momente is ‘n baie goeie tekening van hoe ‘n gemeenskap gewoonlik ‘n “krisis” van die een of ander aard hanteer. Na die tyd kan dinge gewoonlik teruggevoer word na ‘n moment waar alles begin het of waar ‘n mens die eerste keer besef het dat hier nou iets gebeur wat groot skuiwe aan die lewe van die gemeenskap gaan veroorsaak. Hierna volg die tweede fase, wat Turner die “krisis” noem. Dit is die tyd wanneer die gemeenskap nie meer voel dat moeilikheid aan die kom is nie, maar wanneer almal weet dat dit nou ‘n werklikheid is. Daarna kom die derde fase, naamlik die herrangskikking- of aanpassingsfase. Hierdie fase kan langer of korter duur en dit kan goed of minder goed deur die gemeenskap hanteer word. Indien die gemeenskap die

fase suksesvol hanteer, is die gemeenskap gereed vir die herintegrasie-fase wat gewoonlik ook die begin van ‘n nuwe societas-stadium is.

Met die dramatiese verandering van ‘n societas-situasie in ‘n samelewing of gemeenskap na ‘n communitas-situasie, tot uiteindelik weer ‘n nuwe societas (deur die vier fases heen) beleef mense groot onsekerheid, steeds snelle verandering, ‘n teenstruktuurbeweging en ‘n ervaring dat hulle nie kan begryp wat aan die gang is nie.


Binne ons land en kerk is daar juis ook hierdie swaai wat plaasvind waarin daar ‘n nuwe communitas-situasie gevestig moet word. Indien die proses van die sosiale drama op ‘n positiewe wyse verloop, kan die ervaring van ‘n breuk en ‘n krisis, volgens Turner in herrangskikkingsaksie oorloop. Dit is ‘n fase van kreatiewe soeke na oplossings en ‘n manier van lewe wat weer oopgebreek en geskep word. Dit kan lei tot die herintegrasie in ‘n stabiele, veranderde, maar nou leefbare samelewing waaraan ons almal aan die skepping daarvan ‘n aandeel gehad het.

### 1.4. Die erediens as ‘n kreatiewe proses

Die erediens is ‘n kreatiewe proses aangesien dit nooit op hou nie. Binne die erediens is ‘n klomp verskillende persone en gebeure by betrokke. Daar moet altyd onthou word dat die erediens week na week van nuuts af uitgewerk moet word. Daar moet teen gewaak word dat die erediens verval in ‘n regiede vaste patroon. Die teks moet bepaal wat in die erediens gaan gebeur en

watter elemente en simbole in die liturgie gebruik gaan word. Die liturgie is per slot van sake die manier waarop ons die teks op die Sondag gaan vier.

Skematies kan dit soos volg voorgestel word:




Wanneer dit kom by die liturgiese proses of beplanning van die erediens, dan is daar drie belangrike vrae wat gevra moet word, naamlik:

a) Die vraag rakende die inhoud van die erediens: ***Wat*** wil ons in die erediens bereik?

   Om die antwoord op hierdie vraag te kry is dit belangrik om te gaan kyk na wat die ***Skrif*** vir ons sê en leer oor die erediens. Die Skrif sê vir ons bitter min oor wat 'n erediens is. Die Skrif sê aan ons dat die erediens belangrik is. Voorts is dit belangrik om te onthou dat die erediens 'n handeling van die gemeente is. Die erediens is 'n ontmoetingsgebeubere tussen ons as mens en God. Die erediens het ook 'n bepaalde verloop en inhoud.

b) Die vraag na die proses: ***Hoe*** gaan ons dit bereik?

   Om die vraag te beantwoord is dit belangrik dat daar onthou sal word dat daar veral drie tradisies is in terme van die erediens.

- Daar is die tradisie waarin die ***bediening van die Woord*** sentraal staan. Hier dink ons byvoorbeeld aan die Gereformeerdes, Lutherane, Baptiste, Metodiste en Presbiteriane.
- Daar is die tradisie waarin die ***viering van die heil*** sentraal staan. Hier dink ons byvoorbeeld aan die Oosters Ortodokse Kerk, Rooms Katolieke Kerk en die Anglikaanse Kerk. Binne die tradisie word daar gebruik gemaak van rituele om die heil te bevestig.
- Daar is die tradisie waarin die ***deelname van die gemeente*** in sentraal staan. Hier dink ons veral aan die Charismate, Pentakostaliste en Afrika Onafhanklikes.

Wanneer jy jou gaan verryk uit ‘n bepaalde tradisie, dan beteken dit nie dat jy soos daardie tradisie gaan wees nie. Jy gaan leen by die tradisie en jy sif en gebruik dan wat nodig is. Dit beteken dus dat as jy byvoorbeeld by die Rooms Katolieke Kerk iets beleef en dit gaan gebruik dat jy dan nie ‘n Rooms Katoliek word nie. Dit gaan ook om ‘n proses waarin my tradisie gekorrigeer word. Die voorwaarde is dat my tradisie nie weggegooi en vernietig sal word nie. My tradisie moet steeds sy eie identiteit behou.

Die ideaal sal egter wees dat daar ‘n soort van huwelik tussen die drie tradisies sal plaasvind, maar dat dit in korrelasie sal bly met die huidige tradisie. Die sentrale proses in die tradisie bly die Woordbediening. Daar moet altyd onthou word dat die Woordbediening ook meer is as net die prediking. Die vraag wat voortdurend gevra moet word is: Wanneer ‘n vreemdeling by die erediens instap, wat gaan hy of sy ervaar en beleef?

c) Die vraag na die praktyk: ***Waarmee*** gaan ons dit bereik?

Hier moet veral gekyk word na die konteks waarbinne geleef word. Drie sake (daar is nog meer) is egter hier van belang:

- Die makro konteks – Hoe lyk die groter prentjie waarin die erediens funksioneer?

  Die tendens binne die makro konteks is dat daar weg beweeg word vanaf ‘n rasionele na ‘n emosionele era. Daar vind ook ‘n beweging plaas vanaf die societas situasie na die communitas situasie. Binne hierdie beweging is daar ook ‘n voortdurende beweging tussen hierdie twee pole.

- Die kommunikasie konteks – Hoe lyk die kommunikasie tendense waarin ons leef?

  Die erediens is primêr ‘n kommunikasie stelsel. Daar vind ‘n beweging plaas vanaf ‘n geskrewe era (dink lineêr; dink in woorde) oor na ‘n multi sensoriese era (dink in netwerke, dink in beelde en ervarings). Daar moet ook altyd onthou word dat mense anders dink in verskillende eras. Daar sal vir die erediens dan veral ook ‘n oog hiervoor ontwikkel moet word.


- Die spiritualiteits tipes – Hoe lyk die verskillende siritualiteits tipes?

  Wanneer ons ‘n definisie wil gee van spiritualiteit, kan ons sê dat dit al die houdinge en handelinge is wat kenmerkend is van ons pogings om God te ontmoet. Die begrip spiritualiteit verwys dus na die geestelike lewe van die mens in sy verhouding tot God. Spiritualiteit is egter nie net iets van die enkeling se verhouding tot God nie. Die persoonlike

omgang met God is altyd ingebed in die vroomheid van die gemeenskap van gelowiges waartoe die enkeling behoort. Binne die geloofsgemeenskap word die persoonlike vroomheid gevorm, gevoed en gestempel. Die enkeling leef met sy vroomheid binne 'n bepaalde geloofs- en ervaringstradisie. Daar is 'n innige verband tussen spiritualiteit (geloofsbelewing) en belydenis (geloofsverstaan) binne 'n geloofsgemeenskap.

Verskeie modelle word gegee waarvolgens die verskillende spiritualiteits tipes van lidmate bepaal kan word. Die mees algemene hedendaagse model wat gebruik word is die van Coreen Ware waarin sy 'n spiritualiteits wiel daarstel waarvolgens die verskillende spiritualiteits tipes hoofsaaklik in vier groepe val.

Skematies kan die spiritualiteitswiel soos volg voorgestel word:




Kortliks kan die spiritualiteits wiel soos volg beskryf word:

- Mense wat binne kwadrant 1 val, is diegene wat die klem plaas op kennis en openbaring. As ons 'n bepaalde kerklike kultuur hier wil plaas sou ons diegene vanuit 'n Gereformeerde agtergrond hier plaas.
- Mense wat binne kwadrant 2 val, is diegene wat die klem plaas op openbaring en gevoel. Dit is diegene wat ervaar dat die Here op 'n spesifieke manier met hulle praat. Hier sou ons veral dink aan persone vanuit 'n Charismatiese agtergrond.
- Mense wat binne kwadrant 3 val, is diegene wat die klem plaas op gevoel en misterie. Die gebruik van simbole en rituele speel 'ngroot rol vir diegene in kwadrant 3. Hier sou ons veral dink aan persone vanuit die Rooms Katolieke of Anglikaanse agtergrond.
- Mense wat binne kwadrant 4 val, is diegene wat die klem plaas op misterie en kennis. Dit is egter nie so maklik om 'n spesifieke groep hier te plaas nie.

Daar moet onthou word dat die lidmate wat in die erediens bymekaar kom, elkeen hulle eie spiritualiteits tipe het. Die uitdaging vir die leraar is om met die verskillende spiritualiteits tipes te werk en die erediens ook daarvolgens in te klee. Dit verg beplanning en goeie kommunikasie. Dit geld dan veral in besonder vir die sinvolle gebruik van simbole binne die erediens.

In ‘n tyd van identiteitsoeke, onsekerheid en ongeborgenheid soos wat in die kerk huidiglik beleef word, is die waarde van simbole in die erediens baie groot. Strauss (1995:89) som dit soos volg op:

> Dit be-teken die onsigbare op sigbare wyse; Dit dien as ‘n herkenningsteken. ‘n Mens dink hier aan... die teken van die vis: Dit dien as herinneringsteken. Die kruissimbool laat mense altyd weer onthou van Jesus se dood aan die kruis; simbole het objektiewe en subjektiewe betekenisse. Objektief wys ‘n simbool na ‘n objek buite sigself. Die simbool van die kruis wys byvoorbeeld op die versoening in Jesus Christus. Maar die simbool het ook subjektiewe betekenis vir die persoon wat dit sien; ... Dit rig ons aandag en verering op God; ... Die gebruik van simbole betrek die totale mens in aanbidding. Die misbruik van simbole in die Middeleeue het gelei tot reaksionêre klem op die spirituele in die erediens. Liturgie het egter ook ‘n fisiese kant. Die mens in die erediens het nie net spirituele behoeftes nie, maar ook fisiese, emosionele en estetiese behoeftes. Dit is hierdie behoeftes wat aangespreek kan word deur die gebruikmaking van simboliek in die erediens.

# Hoofstuk 2

## Die waarde van die kommunikasie benadering van Paul Ricoeur

Ricoeur staan in die hermeneuties-fenomenologiese tradisie waar die nadenke en interpretasie voorop staan. In sy denke speel die fenomenologie, eksistensialisme, taalkundige teorie, psigoanalise, strukturalisme, dekonstruksie, teksteorieë, metafoor en narratief 'n groot rol. Hy span ook die verbeelding, droom, metafoor en verhaal in, om van die verstaansproses, 'n skeppende gebeurtenis te maak. In die verstaansproses het die taal 'n belangrike rol. Taal is die gemeenskaplike forum waar die denke van Wittgenstein en die Engelse taalfilosofie, Heidegger en die fenomenologie, Bultmann en die Bybelse hermeneutiek, asook vra rondom mite, ritueel, geloof en psigo-analise byeenkom (Thiselton 1992:347).

Ricoeur het aandag getrek as 'n denker, wat aan die gelowige lees en verstaan van die Skrif 'n besondere plek gegee het. Ten spyte van die kulturele afstand wat daar in die teks bestaan, konsentreer hy daarop om die teks te laat spreek. Hy staan ook krities teenoor die geloof, wat hy beskou as 'n postkritiese, rasionele en interpreterende geloof, wat op soek is na 'n tweede naïwiteit (Thiselton 1992:348). Die postkritiese geloof beteken nie dat daar afstand gedoen word van die geloof nie, maar dit impliseer 'n verstanende herontdekking van die geloof. Die kulturele vervreemding en betekenisafstand wat daar tussen die teks en die leser bestaan moet dus sodoende oorbrug word. Voorts kom daar ook tussen ons geloof en ons denke in die verstaansproses 'n wisselwerking voor. Wanneer ons die

godsdienstige teks benader, het ons bepaalde geloofsvoorveronderstellinge. Hierdie voorveronderstellinge werk in op ons verstaan van die teks en die teks werk weer in op hierdie voorveronderstellinge. Ons moet verstaan sodat ons kan glo, maar ons moet ook glo sodat ons kan verstaan.

Wanneer ons Ricoeur se denke op die homiletiek toespits, dan moet daarop gereken word dat die preek geloof kan skenk en versterk. Die homileet het daarom die opdrag om ten spyte van kulturele afstand en teksvervreemding tussen teks en hoorder die teks duidelik vir die hoorder te laat spreek.

Ricoeur sien die prediking ook voorts as paradoks. Die boodskap van die prediking kom staan teenoor die kultuur van die tyd. Die preek beweeg sodoende deur verskillende filters. Hierdie filters kan die filters van die tyd en die kultuur genoem word. Elke filter het ook sy eie reëls en die preek word ook deur hierdie reëls geraak. Elke teks en sy boodskap moet opnuut tot ons kom in die toelaatbare kleed van ons tyd en kultuur. Die kulturele draer van die teks moet ontsyfer word, sodat ons kan ontdek wat meer as die teks is, naamlik die prediking van die Persoon en daad van Jesus Christus.

Daar moet in die verstaansproses nie oppervlakkig na tekste alleen gekyk word nie. Die teksprobleem as ‘n verstaansprobleem raak ook die situasie van die leser/hoorder. Dit is belangrik dat daar in die preek ruimte geskep word vir die hoorder, sodat hy/sy ‘n sinvolle verstaan van die preek kan ontdek (Ricoeur 1973:215).

Ricoeur beklemtoon diskoers as gebeure wat in die tyd plaasvind. Dit het voorts ook ‘n subjek, dit verwys na ‘n bepaalde wêreld en dit het ‘n ontvanger. Die diskoers is ‘n omvattende gebeurtenis. Die gebeurekarakter van godsdienstige taal is voorwaarde vir die godsdienstige ontmoetingservaring wat deur taal bemiddel word. Die godsdienstige taal maak toegang tot God moontlik sonder dat die bewussyn van die andersheid van God ingeboet word.

Ricoeur verstaan godsdienstige taal as analoog aan poëtiese taal. Dit is analoog omdat die referent daarvan nie altyd in die wêreld van sigbare voorwerpe te vinde is nie, maar wel in die wêreld van die teks. Die teks kom oorskry die werklikheid sonder om verby dit te gaan. Die godsdienstige teks skep ‘n eie wêreld met ‘n eiesoortige verwysingsraamwerk. Dit herbeskryf die werklikheid deur ‘n eiesoortige tekstuele rangskikking. Hierdie eiesoortige verwysingsraamwerk van die godsdienstige teks word versterk deur die referent daarvan wat eintlik onnoembaar is – die Naam van God. Ons beskik nie rustig oor hierdie referent nie, omdat dit in werklikheid die God-referent is wat die leser/hoorder se bestaan uitlê en verlig. Die godsdienstige teks beskryf sy eie wêreld deur metaforiese prosesse eie aan alle poëtiese taalgebruik. In hierdie godsdienstige teks kom daar ook aangeleenthede na vore soos byvoorbeeld die “koninkryk van God”, verbond en wederkoms wat elkeen as grensverwysings dien. Hierdie grensverwysings maak ‘n eie wêreld oop en dit eis ‘n beslissing van die leser/hoorder.

Die preek is dus ‘n religieuse diskoers wat in ‘n bepaalde tyd plaasvind, wat deur ‘n prediker gekommunikeer word en vir die hoorders bestem is. Die preek as taalgebeure het ‘n verwysende funksie in die sin dat dit na God verwys. Dit maak toegang tot God en kommunikasie met God moontlik sonder dat God Sy plek prys gee. God neem Sy eintlike plek in deurdat Hy die hoorder se bestaan uitlê en verlig. Die funksie van die preek as religieuse rede is ook om die hoorder se ervaringe in die lig van God se Woord te beoordeel, sy woorde te relativeer en sy beperkinge uit te wys. Die preek vestig die hoorder se aandag op God se koninkryk. Op hierdie wyse word ‘n nuwe wêreld ontsluit en ‘n beslissing van die hoorder gevra.

Ricoeur sien verstaan nie as ‘n proses waarin die leser hom op ‘n subjektiewe wyse in die skoene van die outeur kom plaas nie. Hy sien verstaan eerder as ‘n gebeure tussen die leser en die teks self. Verstaan geskied ook altyd vanuit ‘n bepaalde posisie. Verstaan is nie die gebeure waarin daar na die betekenis agter die teks gesoek word nie, maar dit is die gebeure voor die teks wat in interaksie met die teks plaasvind. Verstaan en verklaar is ook vir hom interafhanklik van mekaar. Dit is juis die interpretasie wat die dialektiese verhouding tussen verstaan en verklaar aandui. In die preek gaan dit dus nie net om die relasie tussen die prediker en hoorder nie, maar ook om ‘n verhouding tussen die teks en hoorder. Die prediker moet die teks verklaar sodat die hoorder tot verstaan en geloof kan kom.

Ricoeur beskou diskoers ook as vertellend/verhalend van aard. In die narratiewe diskoers verdwyn die verteller dikwels en is dit die gebeure self

wat aan die woord is. Dit is die gebeure self wat geskiedenis maak, en geskiedsvertelling is ons manier om hierdie verhaal te vertel. Die woordgebeure kom verwys ook sodoende terug na die daad in die geskiedenis (Ricoeur 1977:7). Ricoeur sien die Bybelse spreke oor God as vertellend van aard. Die wet, die profetiese en die wysheidsliteratuur het 'n narratiewe struktuur.

In die narratief kom die bestaansvrae en –antwoorde vertellend na vore. Die weg tot selfverstaan loop deur die verhaal. Ons word self die protagoniste, en ons lewensintrige word ontknoop (Schweiker 1988:29).

Ons kan die volgende homiletiese konsekwensies maak. Alhoewel die narratiewe spreke nie die enigste spreekwyse is nie, is die verhaal van God met mense en die wêreld die hooftema van die Bybel. Die narratiewe preekvorm is ook die belangrikste preekvorm. In die preek as verhaal gaan dit om die heilsomgang van God met mense. In die preek as narratief kan die bestaansvrae en –antwoorde vertellend aan die lig kom. Op die wyse kan die hoorder tot selfverstaan en verstaan van sin kom.

Die rol van simbole is vir Ricoeur ook belangrik. Hy het reeds met sy vroeë werk oor die filosofie van die wil onder die indruk gekom van die belang van simbole en metafore. Sy vroeëre hermeneutiek word deur *The Symbolism of Evil*, 1969 verteenwoordig. Hierin bied hy "symmorphosis" aan, wat op die betekenisintensie van die simbool fokus (White 1991:312). Ricoeur se hermeneutiek bring die hoop dat die simboliese gedagte deur die proses van

‘n kreatiewe interpretasie ons tot ‘n beter verstaan lei (Ricoeur 1969:335). Hierdie proses is egter nie volledig nie, aangesien hierdie hoop getemper word deur die erkenning dat simbole nooit absolute kennis of die volheid van bestaan skenk nie (White 1991:320). Dit word ook getemper deur ‘n waaksame suspisie.

Die waarde van simbole lê daarin opgesluit dat dit wortels in ‘n nie-linguistiese werklikheid het, op so ‘n wyse wat metafore nie het nie (McCarthy 1989:17). Ricoeur sien die simbool as gewortel in die psigiese, kosmiese en taalmatige dimensies (Ricoeur 1973b:220-221). In die taalgebruik waar sonde byvoorbeeld bely word, gebruik ons simbole soos sonde as vlek, las, afwyking ensovoorts, wat uit bogenoemde dimensies kom. Waar sulke simbole voorkom, is dit duidelik dat dit nie ons is wat hier oor taal beskik nie, maar die taal wat oor ons beskik (Ricoeur 1973b:221). Die mens se eksistensiële moontlikhede en nood word ook simbolies uitgedruk. Die simbole oefen ‘n greep uit op die eksistensiële selfverstaan. Sodoende word die vraag: *“Wat beteken dit om mens te wees?”* vanuit die wêreld van die teks beantwoord.

Die semantiese gelatenheid van simbole is so ryk dat dit nie maklik uitgeput kan word nie. Simboliese taal sê iets anders as wat dit oënskynlik sê, en dit skep betekenis deur ‘n dubbele signifikasie. Die krag van simbole bestaan onder meer in die *onthulling* van *meervoudige be-tekenis* waaruit verbeelding groei (Ricoeur 1987:249). Ons tref dieselfde verskynsel by drome aan, waar daar ‘n veelheid van betekenisse aan dieselfde droom toegeken kan word. Naas die onthullende funksie het simbole ook ‘n *verhullende* funksie. In die

teologie, net soos in die literatuur, gaan simbole teen die positivistiese oortuiging in dat die werklikheid ontdek kan word. Daar is altyd ‘n element van misterie rondom simbole. Hierdie struktuur van dubbele betekenis vereis ‘n interpretasie wat prinsipieël oop en onuitputlik is (Biehl 1991:143). Die simbool wek nie net denke nie, maar lei ook tot verstaan (Biehl 1991:146-147). As rede hiervoor geld dat simbole begrip daarstel; tegelykertyd voorkom dit verwarring en wanvoorstelling (Biehl 1991:149).

Ricoeur se simboolsiening bied vir die homiletiek ‘n vrugbare landskap om te bewerk. Met reg sien hy die taaldimensie waarin die prediking ontplooi word, waardeur kerugma kom, waarin die mite bewaar kan word, deur en deur as simbolies van aard (Ricoeur 1973b:220; 1987:249). Die eintlike taak van die hermeneutiek is daarom nie om die kulturele raamwerk van die mite af te breek nie, maar om die bevryding van die betekenispotensiaal wat in die mite en die simbool opgesluit lê, te bewerk. ‘n Simbool vra om uitleg. Toegang tot simboliese betekenis word net indirek verkry. Simbole is gegrond in ‘n nie-linguistiese bodem wat mens en kosmos omvat. Verstaan veronderstel ‘n openheid en gewilligheid om te luister na die indirekte taal van simbole (Vos 1996:35).

In simbole vind ons die onthulling van meervoudige betekenis wat die hoorders se verbeelding voed en versterk. Daar is die geloofsimbole en in die preek is daar simbole soos brood en wyn wat ‘n wêreld van genade en vergifnis beteken. Die simbole verteenwoordig ook krag wat die hoorders se geloof versterk. Simbole laat die hoorder ook oor die betekenis daarvan besin

en nadink. Wanneer die hoorder die simbole weer raaksien word die betekenis daarvan beleef en herleef binne die hoorder se gedagtes. Simbole behou altyd ‘n verhullende funksie. Simbole gee ook nie al sy geheime aan die hoorders prys nie. In simbole is daar altyd die element van misterie. Dit is die ryk aard van simbole. Simbole laat hoorders nie net nadink en besin nie, maar lei hulle ook tot verstaan. Hierdie proses van verstaan, wat in die geloofsgemeenskap ‘n geloofsverstaan is, laat begrip tot stand kom. Dit voorkom ook verwarring en wanvoorstelling (Vos 1996:35).

Die effek van simbole kom ook deur die taal aan die lig. Augustinus se Deo Magistro (389 n.C) is in die vorm van ‘n dialoog met sy seun Adeodatus. Hierin toon hy die twee basiese funksies van taal aan, naamlik onderrig en die oproep van herinnering, of ‘n persoon se eie of ander mense s’n. ‘n Voorbeeld van ‘n simboolwoord wat sekere herinneringe oproep en ervaringe meebring, is die woord *“kruis”*. Die kruis verteenwoordig ‘n waarheid wat woorde nie ten volle kan uitdruk nie. Dwarsdeur die literatuur kan die ryk simboliek van die kruis nagespeur word, van die Middeleeuse lirieke wat die smart van Jesus Christus beklaag tot by die Renaissance se viering van Sy triomfantlike majesteit (Vos 1996:35-36).

In die Christelike godsdiens verwys die kruis nie na ‘n “dierbare” kruis nie, maar na ‘n wrede sterfplek. Die kruisdood was die allerwreedste en afskuwelikste straf wat die Romeine net vir slawe en vreemdes en die allerlaagste misdadigers gegee het. Lank na Jesus Christus se kruisdood het die nie-Christelike skrywers nog met ‘n afsku na die gekruisigde Jesus

verwys. Vir die heiden is die kruis ‘n woord van veragting. Die woord wys op die veragte misdadiger wat sy straf dubbel en dwars verdien. Die woord herinner die gelowige aan die wreedheid en minagting wat Jesus verduur het. Maar die woord herinner die gelowige ook daaraan dat die gekruisigde Jesus, die Seun van God is, die Lam wat vir ons geslag is. Hy het in ons plek gesterf aan die kruis om vir ons versoening te bewerk.

Liturgieë en preke wat die herinneringsfunksie van simbole ontsluit, maak hoorders nie net toeskouers nie, maar ook deelnemers aan die liturgiese prosessie (Vos 1996:37).

Vir Ricoeur is die verwysing van die teks terug na sy outeur en ontstaansituasie nie so belangrik nie. Die teks as geskrif lei ‘n lewe los van die outeur en skep sy eie verwysingswêreld. Die verwysingsraam van die outeur by die daarstel van die teks is nie meer die verwysingsraam van die leser nie, en dus ook nie die verwysingsraam van die teks nie. Dit beteken nie dat die teks nou sonder ‘n verwysingsraam of verwysingstruktuur is nie. Die teks besit wel verwysingsmoontlikhede, maar dit is die taak van die leser om dit te ontdek en ‘n werklikheid te maak. Die teks verwys na die wêreld van die teks wat opgebou word deur die interaksie wat tussen teks en leser plaasvind.

Die preek het ook betekenis en verwysingsfunksie. Die betekenis van die teks moet deur die preek opgeklaar word. Die preek verwys na die wêreld van die teks. Dit is die hoorder se verantwoordelikheid om die wêreld te verwerklik. Die preek se oogmerk is om die hoorder vir die werklikheid van God te open.

Vir die teks om te slaag is dit belangrik dat daar in die interaksie tussen teks en leser eers ‘n proses van distansiëring sal plaasvind. Daarna kom die fase van betekenistoeëiening waarin die aktualisering van die teks plaasvind.

Ricoeur beklemtoon ook dat dit wat die spreker in gedagte het, en dit wat hy sê, feitlik sinoniem is. Die klanke wat hy voortbring om uiting te gee aan ‘n gedagte word versterk en duidelik gemaak deur subjektiewe nadruk wat sy liggaam, deur middel van gebare en houdings, en sy persoonlikheid op die mededeling lê. Daar is dus ‘n noue ooreenstemming tussen wat hy wil sê en dit wat hy werklik sê. Die boodskap in die mondelinge mededeling breek los uit die beperkte omstandighede van ‘n mededeler en kry ‘n ruimer betekenis, onafhanklik van die mededeler sin. Die betekenis van die teks word ook sodoende meer uitgebrei. Dit is waarom Ricoeur die verwydering tussen skrywer en teks “produktiewe distansiëring” noem (Van Schoor 1988:55-56).

In die preek moet daar in die meeste gevalle met die hoorder se vreemdheid teenoor, sowel as die afstand ten opsigte van die teks, gereken word. Daarom moet die prediker die vreemdheid en die afstand namens die hoorder oorwin, sodat die hoorder die teks kan verstaan, aanvaar en ervaar.

Die eie wêreld van die teks word opgebou deur die interaksie wat tussen teks en leser plaasvind. Dit beteken dat daar gewag moet word op die teks, en dat daar ‘n geduldige omgang met die teks moet wees. Daar is vir Ricoeur nie ‘n kortpad na die verstaan van die teks toe nie. Die verstaan kom vir hom eers na vore aan die einde van die lang interpretasieweg. Dit is die weg via die

kodes en tekens wat in kulturele artefakte, in taal en in tekste te vinde is. Die eksegeet kom staan ook onder die teks. Om die teks te verstaan is dit belangrik dat die eksegeet die teks moet glo en moet weet wat die teks sê. Wat die teks sê weet die prediker alleen deur die worsteling met die teks en die stryd tussen die ware en valse skandaal in die teks self.

Om die teks te verstaan is om by die wêreld van die teks betrek te word. Dit is om my eie wêreld te interpoleer met die van die teks. Die teks om verbreed sodoende my verstaans en bestaanshorison. Die teks hervorm my werklikheid. In die teks word mens en wêreld versmelt.

Vir die homiletiek het Ricoeur wins. Die prediker moet leer om nie ‘n maklike en simplistiese betekenis aan die preek toe te dig nie. Hy moet met die teks worstel en geduldig op die sinsonsluiting van die teks wag. Deur die proses kan ‘n nuwe leefwyse vir die hoorder gekommunikeer word. Die nuwe bestaan kan egter nie op die hoorder afgedwing word nie, maar hy moet hiertoe oorreed word en dit self wil en kies. Die wyse waarop dit kan gebeur is deurdat die hoorder by die wêreld van die teks betrek word en die teks die hoorder herskep. Indien dit alles in die preek gebeur het die preek sy doel bereik.

# Hoofstuk 3

## 'n Verkenning van die invloed van verskillende tye op die hoorder.

Binne die erediens word dit beleef dat daar 'n verandering binne die hoorder se denke na vore gekom het. Dit het die gevolg dat daar by die hoorder sowel as by die prediker die gevoel geskep word dat die erediens in 'n dilemma is. Wanneer dit om die erediens gaan, word daar van die veronderstelling gegaan dat dit uit die liturgie sowel as die prediking bestaan. Die vraag kan nou gevra word: Maar wat het gebeur dat daar 'n skuif plaasgevind het binne die denk proses van die mens?

### 3.1. Die tyd van die Reformasie.

As dit kom by die liturgies historiese verkenning ontstaan die vraag: Waarom bestaan die Protestante erediens eintlik net uit woorde, en is dit so dat die Protestante erediens net uit woorde bestaan? Uit hierdie vraag groei 'n verder vraag of die Reformatoriese uitgangspunt *"om te kan sien"* verbied?

Uit die teologie van die Reformasie sien ons dat die sintuie van die mens teruggesnoei word na net een sintuig, nl. die van hoor. Hierdie uitgangspunt het hoofsaaklik sy fundering in die teologie van Luther wat kortliks omskryf kan word as 'n volledige vertroue op die Woord – Jesus Christus. Die mens fundeer op sigself nie, terwyl die Woord fundeer en bemiddel die heil binne die mens se lewe. Selfs binne die liturgie van Luther staan die Woord sentraal terwyl die ander taalhandelinge as minder belangrik beskou word. Uit dit uit

moet onthou word dat die Reformatoriese erediens juis ontstaan in ‘n tyd waarin die liggaamlike element in die kommunikasie terugtree ten bate van ‘n meer gedistansieërde omgangsvorm. Dit het later tot die gevolg gehad dat daar ‘n groter afstand ontstaan het tussen die deelnemers in die kommunikasie proses.

Die aksent van die Reformasie op die Woord het deurgewerk in die liturgie. Die Woord word die fundamentele basis van die liturgie. Die woord word by uitstek simbool van God. Die prediking word die ritueel van die Reformatoriese erediens. In die nagmaal vorm die instellingswoorde as woorde van belofte, die kern. Luther verstaan dan ook so die woorde *“doen dit tot my gedagtenis”* as ‘n oproep tot prediking. Uit dit alles groei dan ook die gedagte dat dit nie meer die brood en wyn is wat die heil bemiddel nie, maar wel die Woord.

Dit was vanuit die Woord uit dat die Reformasie die ideaal van ‘n lewe voor die aangesig van God daargestel het. Ons sou selfs kon sê dat dit die hart van die Reformasie was. In die Katolieke stelsel van Luther se tyd is geoordeel dat dit nie vir gewone mense regtig moontlik is om met God te leef nie, daarom is die leek se lewe met God oral deur priesters bemiddel. Die gevolg was dat die mens begin dink het dat dit werklik ‘n baie moeilike saak is om vol te hou om ‘n lewe saam met God te leef. Tog wou Luther en die Reformasie nie die ideaal prysgee nie, want al is dit baie moeilik, is dit nie onmoontlik nie.

As ons terugkom na die vraag of die Reformasie *"om te kan sien"* verbied, dan sien ons dat die antwoord 'n duidelike *"nee"* is. Die Rooms Katolieke teoloog Romano Guardini help ons om hierdie antwoord te kry. Hy wys daarop dat in die liturgie geen woord kan bestaan sonder dat dit gespreek en gehoor word nie. Die konkreet gehoorde en gespreekte woord is ook die Woord wat innerlik in die geloof gehoor en geantwoord word. Uit hierdie teorie wys Barnard daarop dat wat van die hoor geld, ook van alle sintuie gesê kan word. As die geloof 'innerlik' is, bestaan dit in die liturgie in elk geval nie sonder dat dit uitgedruk word in taal, in beeld, in geur (brand van wierook), in smaak (brood en wyn) en die sien nie. Dus sien ons duidelik dat die Reformasie die *"om te kan sien"* nie verbied nie.

### 3.2. Die tyd van die Modernisme

Die Modernisme het ons gelaat met 'n mens vir wie die transendente, die geestelike wêreld verdwyn het. Vanweë die rasionalisme is die moderne mens opgesluit in 'n sienlike werklikheid. A. Houtepen (*God, een open vraag*) en G.D.J. Dingemans (*De stem van de Roepende*) beskryf die moderne gesekulariseerde mens as mense wat hulle in 'n huis sonder vensters en deure toegebou het sodat hulle die groot werklikheid van God nie kan sien nie. Die modernisme het die mens ook geïndividualiseer. Mý belang, mý plesier, mý wêreldjie is alles. En hierdie wêrelde waarin mense leef, is gedifferensieer in duisende klein werklikheidjies. Die oorsigtelikheid het verdwyn.

**3.3. Die rol van die Postmodernisme.**

Gedurende die twintigste eeu was en is die preek gesien as ‘n belangrike onderdeel van die erediens. Daar is vanuit die Woord gelees, waarna die gelese gedeelte dan in ‘n bepaalde situasie of konteks toegepas is. Die prediking het dan ook deur die jare onder geweldige kritiek deurgeloop. Dit het egter ook gebeur dat die preek selfs binne die Protestante tradisie heelwat van sy gesag verloor het (Altema 2003:7). Verskeie publikasies het hulself dan ook gewy aan die vraag of die prediking nie maar net ‘n oorblyfsel van ‘n Christelike kultuur is nie en of daar dan nie in die moderne tyd veel eerder gesoek moet word na ‘n alternatiewe kommunikasie vorm van die evangelie nie (Altema 2003:8).

Die vraag kan ook verder gevra word of daar nie in die breë maatskaplike en kultuur filosofiese lewe of wêreld ‘n ontwikkeling in plaasgevind het nie. Dit word dan ook deur middel van godsdiens-sosiologiese ondersoek duidelik dat die boodskap van die Christelike tradisie in die Westerse wêreld veral dan ook begin om sy krag in die verkondiging van die evangelie te verloor. Steeds minder mense onderskryf die belangrike leerstellings uit die Christelike tradisie en al hoe minder jong mense voel aangespreek deur die geloofswêreld van die Bybel en die Christelike kerk (Altema 2003:8).

Die situasie waarin die prediking homself in die 21ste eeu bevind is in vele opsigte onseker en onduidelik. Daar lê ook heelwat uitdagings en geleenthede voor die deur van die prediking en die Christelike erediens in sy geheel. Van hierdie uitdagings word in die moderne tyd reeds aangespreek

deur die talle vernuwings wat binne die eredienste na vore kom. Wanneer hierdie uitdagings aangespreek word is die groot vraag wat egter gevra moet word: *Wat beteken dit vandag om te preek in 'n veranderde en veranderende kulturele klimaat?*

Die huidige kulturele situasie staan oor die algemeen bekend as die tydperk van die post modernisme. Algemeen is die boodskap dan ook dat die "groot verhale" net nie meer waarde en betekenis het nie. Op die ou einde raak dit alles die Christelike tradisie in sy hart. Die logiese hipotese wat dan hieruit volg is dat met die einde van die "groot verhale" die bodem wat die prediking regverdig geheel en al weggeneem word. Die prediking het dus geen gronde waarop dit kan staan nie. Die vraag is dan: *As ons samelewing en kultuur gekenmerk word deur die einde van die "groot verhale", sal daar nog plek wees vir die prediking?* (Altema 2003:8)

Ten spyte van hierdie vrae wat gevra word, bly dit egter steeds sinvol om te volhard met die prediking. Die post modernistiese klimaat waarin die prediking plaasvind het en mag geen remmende invloed of krag op die prediking hê nie. Die post modernistiese denke het juis 'n stimulerende impuls wat gerig word tot die homiletiek waarmee daar bewustelik rekening gehou moet word binne die hedendaagse kultuur (Altema 2003:9).

Die mens van die Postmodernisme kan beskryf word as 'n gesekulariseerde, net hierdie-werklikheid-siende individu. Hierdie mens verwerp alle groot verhale, asook die verhale van die godsdiens en dus ook die Christendom. Sý

en háár verhaal is alles. Die gevolg is dat die wêreldjie van so 'n persoon al hoe kleiner word. Uit dit uit ontstaan die behoefte en begeerte om hulle wêreld te probeer verbreed, maar die behoefte aan iets meer bly steeds daar.

Die postmoderne mens loop hom vas in die mure van sy toegeboude huis en begin nou tas na iets méér. Maar hierdie mens bly gesekulariseerd, wil niks van die godsdiens weet nie, maar raak geïnteresseerd in spiritisme. Die sosioloog Peter Berger is van mening dat ons in die postmoderne era 'n tyd van liggelowigheid by mense ingaan. Die postmoderne mens gaan soek in soveel ander goed na antwoorde en oplossings, terwyl die waarheid van die Evangelie nie hul lewens beïnvloed nie.

Dit is opmerklik om te noem dat die postmoderne leefwêreld dikwels gekaraktiseer word as 'n simboliese of estetiese leefwêreld. Binne die Westerse wêreld is daar 'n geweldige aanvoeling vir die simboliese en die estetiese.

Simbole verbind twee wêrelde wat in een domein na vore kom aan mekaar. Ons wêreld word in die simbool opgebreek na God se wêreld toe. Dit kan verstaan word as eksklusief geldend in die domein van die taal in wat genoem word diskursiewe simboliek. Die Amerikaanse filosoof Susanne Langer onderskei diskursiewe simbole van die sogenaamde presentatiewe. Kenmerkend van die presentatiewe simbole is dat dit nooit in afsonderlike gedagtes uitgelê kan word nie, m.a.w. dit kan nie in woorde en sinne opgeneem word nie. Presentatiewe simbole is dus nie diskursief nie. Die

diskursiewe van die taal lê Langer uit deur die taal te vergelyk met kledingstukke wat oor mekaar gedra word, maar wat langs mekaar aan die wasgoedlyn opgehang word. Presentatiewe simbole kan nie op die manier geanaliseer word nie. So bv. is 'n kerkgebou so 'n presentatiewe simbool: dit stel in een oomblik 'n hele spirituele wêreld teenwoordig.

In die liturgie speel die presentatiewe simbole 'n belangrike rol. Dit neem 'n nuwe realiteit en stel dit terselfdertyd teenwoordig, maar ook nie-teenwoordig nie. Dit is om soos bv. jou vrou se gunsteling parfuum in 'n besige winkel te ruik waar jy dadelik aan haar dink, maar sy terselfdertyd nie daar naby is nie. Binne die kerklike taal is die voorbeeld van 'n kerkgebou wat 'n geestelike universum voorstel, maar terselfdertyd bly dit 'n gebou van stene en hout. So ook met die simbole van brood en wyn wat in die nagmaals liturgie vir Christus voorstel, maar gewoon brood en wyn bly.

**3.3.1. Die hedendaagse homiletiese klimaat**

As mens leef ons in 'n bepaalde kulturele klimaat waarin ons geestelike lewe bepaal en beïnvloed word. Ons is nie noodwendig altyd direk daarvan bewus nie en ons weet ook nie altyd hoe om dit te verwoord nie. Die hedendaagse kulturele klimaat word beskryf deur de term postmodernisme. Dit is egter nie altyd duidelik wat met die term 'postmodernisme' bedoel word nie, aangesien dit in verskillende kontekste gebruik word. Daar is sprake van die postmodernisme in die argitektuur, in die kuns, in die literatuur en op vele ander terreine. Dit is belangrik dat daar 'n ordening sal plaasvind binne die breë veld waarin die term gebruik word. Van den Braembussche tref 'n

onderskeid tussen drie kontekste, naamlik die konteks van die kuns en kultuur; die sosio-historiese konteks en die filosofiese konteks. Wanneer dit kom by die prediking plaas hy die prediking binne die kader van die (kultuur) filosofiese konteks (Altema 2003:16). Die hipotese word gemaak dat die post moderne denke nie slegs die dekor is waarteen die prediking in ons tyd plaasvind nie, maar dat vorme van die denke tot 'n kreatiewe verryking van die homiletiek kan lei. Daardeur kan die kommunikasie krag van die preek voor postmoderne mense vergroot en bly die prediking steeds 'n sinvolle aangeleentheid (Altema 2003:16).

Postmodernisme kom nie soseer na die 'modernisme' nie, maar dit vorm eerder die radikalisering daarvan. Dit wil voorkom asof die postmoderne denke 'n weg beweeg is van die Westerse wêreld en sy denke (Altema 2003:17).

In die Verligting tree die moderne denke die sterkste na vore. Hierin staan die rede van die mens sentraal. Met behulp van die rede orden die mens die werklikheid tot 'n oorsigtelike geheel. Daar is 'n voortdurende strewe daarna om 'n totale visie op die werklikheid en geskiedenis te ontwerp (Altema 2003:16).

Voor die postmoderne denkers verdwyn die menslike subjek as die sentrum waar die werklikheid om draai.

### 3.3.2. Ses postmoderne motiewe as tipering van 'n homiletiese klimaat en as uitdaging vir die homiletiek

Die postmoderne denke stel die homiletiek voor 'n geweldige uitdaging. By sommige is daar kritiese vrae rondom die bestaansreg van die prediking. Postmoderne denke vorm nie slegs die kultuur filosofiese agtergrond van die hedendaagse homiletiek nie, maar in dieselfde denke is daar aspekte in opgesluit wat vrugbaar is vir die homiletiek Temas word binne 'n bepaalde konteks ontwikkel en dit word dan vertaal na die domein van die homiletiek vanuit die hipotese sodat die tema steeds relevant bly binne 'n ander (homiletiese) konteks. Daar is dus 'n voortdurende genre wisseling (Altema 2003:45).

Ses motiewe is ontwerp wat dien as 'n tipering van 'n homiletiese klimaat en wat dan sodoende ook dien as uitdaging vir die homiletiek Hierdie ses motiewe is ontwerp vanuit Lyotard (die groot verhale word krities beoordeel en die geloofwaardigheid daarvan word afgewys) en Derrida (denke van dekonstruksie wat die fenomeen *'betekenis'* oneindig problematiseer) se denke. Aan die een kant word die hedendaagse homiletiese klimaat getipeer en aan die ander kant word 'n aanknopingspunt gebied sodat die homiletiek vrugbaar kan wees.

#### *3.3.2.1. Die motief van die terreur vrye ruimte*

Lyotard se kritiek op die preek is dat die Christelike preek altyd daarmee besig is om die onsigbare, sigbaar te maak. Die Joodse denke daarenteen

respekteer hierdie grens, nie om daardeur te wil breek nie, maar om eerder aan die grens die belewenis van die werklikheid oop te laat.

Teenoor die Christelike prediking staan die Joodse vertelkuns. Die Christelike preek is gefundeer in die verkondiging van die verlossing, om die onsigbare sigbaar te stel (inkarnasie). Die Joodse vertelkuns respekteer die nie-presenteerbare deur die verwagting in stand te hou. Lyotard wil eerder die klem op die verhaal plaas en dat die verhaal genoegsaam en voldoende is. Hy plaas sy kritiese opmerking in die kader van die vraag of ons daartoe in staat is om so te preek dat die onsigbare gerespekteer word en dat die werklikheid oop gehou word en daarin die belofte van die verwagting lewend bly.

Die Christelike preek is by uitstek een fenomeen wat tuishoort in die wêreld van die groot verhale, as instrument om die groot verhaal (in die geval van die Christendom) te bemiddel en oor te dra op die skare van volgelinge. Die vorm van die preek as aanspraak van heil of verkondiging is in post moderne oë problematies. Daar is geen gestalte van die preek denkbaar nog een manier van preek moontlik in die geheel gevrywaar van geweld. Dit maak die preek egter nie onmoontlik nie.

Die preek sou beskou kon word as ‘n terreur vrye ruimte. In die ruimte word deelnemers aan die preekgebeure gesien, erken en gevrywaar van wat Lyotard die terreur van eliminasie noem (Altema 2003:46-48).

#### *3.3.2.2. Die motief van openheid*

Derrida werk baie met die dekonstruksie van die teks om by die betekenis uit te kan kom. Elke teks kan op meer as een manier gelees en uitgelê word. In die moderne hermeneutiek word hierdie insig as vanselfsprekend aanvaar. Derrida gaan egter 'n stap verder as hy die vraag vra na die legitimiteit van die interpretasie wat gegee word. Daar is egter geen eenduidige antwoord op hierdie vraag nie. Nog die oorspronklike outeur, nog die leser kan hier 'n beslissing forseer. Slegs die teks is daar om ons interpretasie aan te toets.

Volgens Oger is betekenis vir Derrida dat: In die verskillende lees van die teks kan daar voortdurend nuwe betekenis in na vore kom. By elke nuwe lees van 'n bepaalde teks word die teks in 'n ander konteks geplaas. Omdat die konteks steeds oop is, determineer en vergoed hy nooit een enkele interpretasie nie, maar ook nie een duidelike afgebakende veelheid van interpretasies nie. Een interpretasie genereer inteendeel onophoudelike betekenis. Om die rede kan die betekenis van een belangrike teks nooit volledig uitgeput word nie.

'n Teks is nie iets wat vasgepen kan word nie, maar dit is eerder iets lewend en daarom is dit belangrik om 'n teks met 'n openheid tegemoet te gaan. Binne die motief van die openheid is daar 'n geweldige uitdaging vir die homiletiek in opgesluit. Die eietydse preek sal 'n oop verhaal moet wees waarin die proses van betekenis verlening nie afgerond word nie, maar telkens weer opgeskort word (Altema 2003:48-49).

#### *3.3.2.3 Die motief van die oop wit spasies op die bladsy van 'n teks*

Wanneer dit kom by die bespreking van die denke van Derrida, dan word dit duidelik dat die oop wit spasies wat op 'n bladsy in 'n teks na vore kom by hom 'n besondere belangstelling toon. Sy manier om 'n teks te lees beskou hy as marginaal, met die verstaan dat hy nie veel meer doen as om opmerkings, vrae, verbindinge ensovoorts in die oop wit spasies op 'n bladsy in 'n teks te plaas nie. Vir Derrida is dit meer as net 'n onskuldige speletjie. By hom is dit 'n manier om op 'n ernstige wyse met die teks om te gaan. Die gevolg is dat wanneer hy met 'n teks omgaan, dat daar in die oop wit spasies op die bladsy van 'n teks weer 'n nuwe teks ontstaan. Tussen die bestaande teks en die nuwe teks is daar 'n voortdurende wisselwerking waarin daar altyd 'n meerdere tradisies in na vore kom. Die oop wit spasies op 'n bladsy van 'n teks is die plek waar die spesifieke karakter van die teks sigbaar word (Altema 2003:50).

Hierdie oop wit spasies op 'n bladsy van 'n teks is vir Derrida die plek waar die leser inval by die teks. Dit is die plek waar die leser sy gedagtes, woorde, kommentaar, vrae ensovoorts kan neerplaas in die kantlyn van die teks. Dit is die plek waarin die leser sy verstaan van die teks kan verwoord. Daar is geen ander produktiewe omgang met die teks moontlik as juis in die oop wit spasies van 'n teks nie.

Hierdie werkswyse van Derrida waarin die oop wit spasies op 'n teks gebruik word is vir die homiletiek van wesenlike belang. Dit is juis hier in hierdie oop wit spasies waar die geskrewe teks die gespreekte teks word. Dit is dan ook

die plek waarin die hoorder kan inval by die teks en inspraak kan lewer. Binne die prediking mag dit nooit gaan om 'n eensydige proses van informasie gee vanaf die prediker na die hoorder toe nie. Dit moet gaan om 'n respons waarin die uitwerking van die preek by die hoorder losgemaak word. Die preek word sodoende gemaak deur die hoorders se reaksies. Die hoorders se reaksies word dus beslissend by die vraag of die preek geslaag het of nie (Altema 2003:50).

***3.3.2.4 Die motief van die geheim***

Vir Derrida het die geheim 'n belangrike motief geword. Die geheim is altyd op weg na sy onthulling. Derrida verbind die selfverraad van die geheim met die nota van die spoor. Die spoor is die aanduiding van die eindelose verwysings samehang waaruit die taal of teks bestaan en waaruit dit nie kan ontsnap nie. Daar is geen oorsprong nog doel voor 'n absolute betekenis. Die geheim word gemanifesteer in die spoor. Vanuit die spoor word 'n lyn van verhulling getrek wat dus die anderse van die geheim na vore bring. Derrida hou vas aan die anderse, want hy wys 'n aanwesigheidsmetafisika af waarin die teks 'n afbeelding is van 'n waarheid wat buite die teks gefundeerd is. Wanneer Derrida nadink oor die geheim speel die sentrale notas vanuit sy taalfilosofie mee (Altema 2003:51).

Lyotard tematiseer op verskillende maniere die onpresenteerbare soos wat hy dit terugvind by Kant en by name in die Joodse beeld verbod. Die geslote, rasionele sisteem van die Westerse denke word steeds weer deurbreek deur diegene wat aan die begripsvorming ontsnap, deur diegene wat nie geheel en

al in oorkoepelende begrippe of sisteme vasgevang is nie. By Lyotard staan die onder andere bekend as die gebeurtenis. Die gebeurtenis het 'n eksterieure karakter (Altema 2003:51).

Lyotard klee dit nie alles religieus in nie. Tog fassineer sy gedagtes oor die onrepresenteerbare die teoloog. Daar is 'n duidelike struktuurwetenskap met die manier waarop daar binne 'n bepaalde teologiese tradisie die spreke oor God geproblematiseer word (Altema 2003:51).

Sonder om Lyotard voorop te stel, kan sy postmoderne notas tog voor die hedendaagse spreke oor God as relevant beskou word. Dit is juis in 'n postmoderne tyd waarin die problematiese karakter van die spreke oor God skerp gevoel word. Uiteraard kom dit ook in die homiletiek tot uiting. Dit is van belang om die geheim aangaande God te beskerm. God is aanwesig, as die verborgene (Jesaja 45:15). God is afwesig en juis in Sy afwesigheid manifesteer Hy elke definitiewe teken van Sy aanwesigheid (Altema 2003:52).

#### ***3.3.2.5 Die motief van die verbeelding***

Hierdie aspek is ontleen aan Lyotard se gedagtes rondom die kuns. Elke kunswerk het sy eie unieke karakter en dit is opsigself ook 'n gebeure. Die betekenis van 'n kunswerk kan in die eerste instansie onbepaald nie in woorde vasgevang word nie. Elke kunswerk is uniek. In die ontmoeting met 'n kunswerk is daar die ervaring van 'n vreemde bekoring van die onbekende. Die ervaring aan die kuns is die van 'n onsigbare, die surplus van die werklikheid. Kuns het een betekenis om 'n ervaring te hê en moontlik te maak.

Die estetiese beskouing van Lyotard voed sy uiters kritiese houding ten opsigte van een rasionaliteit waarin probeer word om die werklikheid vas te vang in vaste omlynde kaders. Waar die veelkleurige werklikheid op een noemer gebring word, word die lewe getem in begrippe. Een dergelike houding is een vorm van geweld en dit het gelei tot die negering van dit wat nie in die sisteem pas nie. Die slagoffers van die sisteem word dan uitgesluit (Altema 2003:53).

Kuns het volgens Lyotard die vermoë om teen die tendens in te gaan. Nie soseer deur ‘n opsetlike maatskaplike karakter nie, maar omdat die wese van die kuns die bemiddeling van die *“ervaring van die alteriteit”* is en kuns daarom as sodanig reeds ‘n kritiese karakter het. Die verbeelding van die kuns skud dit wat ons as vanselfsprekend aanvaar wakker; maak ons gevoelig vir die ander, verborge dimensie van die werklikheid (Altema 2003:53).

Die kuns maak iets van verbeelding binne die mens wakker. Verbeelding is die vermoë om ‘n ander werklikheid te sien en die werklikheid anders te sien.

Lyotard merk op dat kuns die vermoë het om meer as die gewone ervaring binne ons wakker te maak en om ons werklikheid te bemiddel. Wanneer die ontmoeting met ‘n kunswerk gemaak word, word gangbare patrone van waarneming en betekenis verlening deurbreek. Op ‘n vergelykbare wyse kan die preek as kunswerk dieselfde soort ervaring oproep en sodoende ‘n estetiese werking kry. Ook die preek word *“toespelingen op het onzegbare”*

en is daarom aangewese op die verbeeldingskrag. Materiaal wat hulp verleen aan die verbeelding is simbole, gelykenisse, metafore van die Bybel en die Christelike tradisie (Altema 2003:53-54).

Al is daar sprake van ander materiaal as die waarmee Lyotard in die kuns mee werk, is daar steeds ‘n sekere strukturele analogie tussen die estetika van Lyotard en die verbeelding van die geloof. Deur die konfrontasie met die aspek van postmoderne denke word die homiletiek uitgedaag om te werk aan die preek as plek van verbeelding, waar die ervaring van die “subliem” bewaar word. Hierin tree die surplus karakter van die werklikheid aan die lig en daarom is die ervaring van religieuse belang (Altema 2003:54).

***3.3.2.6 Die motief van die onderbreking***

Die motief van die onderbreking is ontleed aan die denke van Lyotard. Postmoderne denke ontreël. Dit kan irritasie wek en ‘n ongemaklike gevoel besorg. Die uitdaging is egter om die ontreëling te benut. Hierin lê die homiletiese moontlikheid, selfs ‘n homiletiese verpligting om deur die postmoderne gevoeligheid voor die kleine, onderbrekende verhale te laat stoor. Teenoor die groot verhale van die tradisie en die moderniteit plaas die denke van byvoorbeeld Lyotard nie een eie groot verhaal nie, maar vra dit die aandag vir die eindelose reeks verhale, tekste en gebeurtenisse wat in die groot sisteme geen stem het nie. Dit bied aanknopingspunte vir die teologie en die homiletiek waarin die aandag geskenk word aan diegene wat in die wêreld vergeet word (Altema 2003:54).

Binne die homiletiek is daar ‘n kenmerkende aandag aan die narratiewe karakter van die Bybel. Die Bybel is in sy wese ‘n biblioteek vol verhale in verskillende genres. Terselfdertyd het mens in die teologie die narratiewe struktuur van die geloof benadruk. Dit is deur die verhale wat mense hulle eie lewens in sien. Dit lyk of die teologiese ontwikkeling goed kan aansluit by die denke waarin die groot verhale ingeruil word vir die veelkleurigheid van die verskillende klein verhale. Dit is egter belangrik om daarop te wys dat by Lyotard ‘n aanvanklike optimisme ten aansien van die krag van die klein verhale op ‘n gegewe moment ingeruil word vir ‘n minder optimistiese inskatting. Ook die sogenaamde klein verhale orden, kader die werklikheid in, doen onreg aan die veelkleurigheid van die werklikheid en het eweneens die groot verhale die neiging om die nie-inpasbare uit te sluit. Die narratiewe benadering in die teologie het weliswaar die oë opnuut geopen vir die verhalende karakter van die Bybelse tradisie, maar dit neem nie weg dat daar steeds probeer is om op basies van die deelnemende verhale ‘n groot eenheidsverhaal te skryf nie. In Bybelse teologie of in dogmatiese sisteme word die veelheid en verskeidenheid telkens in ‘n oorkoepelende eenheid onderbring. Die kritiese vraag bly egter: Lewe die verhale van die Bybel op eie krag, of word dit altyd onvermydelik ingepas in ‘n groter Bybels-teologiese of dogmatiese kader (Altema 2003:55)?

Dit behoort tot die literêre karakter van die Bybel om ‘n ander perspektief op die werklikheid te bied, om gangbare kodes en opvattinge te deurbreek en om vrae te stel by dit wat as vanselfsprekend aanvaar word. Talle Bybelse verhale hoort tuis in die tradisie van die onderbreking. Dit is juis in die klein

teen verhale en in die ontrelende gelykenisse van Jesus dat die Bybel sy kritiese krag ontplooi (Altema 2003:55).

‘n Postmoderne benadering kan help om die kritiese narratiewe potensiaal van die Bybelse verhale te herontdek en te versterk, omdat deur postmoderne denkers die onderbrekende of ontrelende denke benadruk word (Altema 2003:55).

### 3.4. Die uitdaging vir die prediking

Die uitdaging vir die prediking is dat dit ‘n kommunikasieproses sal wees waarin die postmoderne mens by ingetrek word, maar terselfdertyd homself ook oopstel vir die belewenis en heilshandeling van God. Sodoende word God dan ook toegelaat om deel te word van sy wêreld. Daarmee saam geld die teenoorgestelde dat die mistiek en ongepresenteerbaarheid van God mense aantrek om in Sy buurt te kom. Die geheim van die prediking is die soekende element. Om dit te bewerkstellig sal die taal van die prediking huiwerend en versigtig moet omgaan met die grootheid van God en sal ons so moet preek dat ons preke oop tekste sal wees waarin die hoorder verder moet gaan worstel met die geheim, die verhulling en onthulling van God. Die inrigting van die liturgie sal in die proses ‘n belangrike rol vervul.

Wanneer daar na die vernuwing binne die erediens in die hedendaagse kultuur gekyk word, word daar duidelik gesien hoedat daar opnuut weer van simbole en rituele gebruik gemaak word binne die erediens. Hierdie gebruik van simbole en rituele het in vele opsigte waarde en betekenis:

- Dit gee weer nuwe krag en waarde aan die groot verhale. Met ander woorde dit laat die verhale weer herleef.
- Dit herbevestig die legitimiteit van die prediking.
- Dit laat mense iets nuuts beleef van die prediking.
- Dieselfde boodskap wat deur al die eeue heen aangebied word, word nou op ‘n nuwe manier aangebied.
- Dit bied ‘n groter geloofsbelewenis.

Die uitdaging vir predikers lê daarin opgesluit dat ons die verbeelding van ons hoorders sal aanraak en prikkel sodat die vermoë om ‘n ander werklikheid te sien losgemaak word. Wanneer dit gebeur sien ons ook hierdie werklikheid anders. Die ruimte waarin dit sal moet gebeur is die ruimte van die erediens waarin die liturgie en prediking ‘n belangrike rol vervul.

Die liturgie begelei ‘n rituele proses waarin die ritusse in ‘n liturgiese konteks ingebed is. Die funksie van die ritusse sal wees om menslike emosies en ervaringe tot uitdrukking te bring. Verder skep dit kanale vir emosies, dit het ‘n sosiale funksie, dit bepaal mense by hulle verantwoordelikhede en bied ‘n perspektief daarop. In die liturgie skep rituele ook die konteks vir die ontmoeting met God. Dit is immers die ruimte waar God teenwoordig is.

# Hoofstuk 4

## Die kommunikasie van geloof deur middel van simbole

Die Christenkerke word in die moderne tyd al hoe meer gekonfronteer met die uitdaging om die evangelie op 'n nuwe wyse te kommunikeer. Hiertoe is daar verskeie mediums wat beskikbaar gestel word om te gebruik, soos byvoorbeeld die media en dan veral die gebruik van simbole. Die gebruik van simbole om 'n bepaalde boodskap te kommunikeer is reeds van vroeg af bekend. Dit is 'n medium wat ook binne ander kerklike groeperinge gebruik word soos byvoorbeeld by die Moslems en Boedhiste.

In kontras met die ander godsdienste, het die Christendom die kategismus ontdek. Toe die drukkuns ontdek is, het die kerk sy manier om te funksioneer ook verander. Dit het nie die gedrukte woord geneem in die hart van sy mondelinge kultuur nie, maar dit het veel eerder die kultuur laat verdwyn en dit vervang met die kategismus. Die kategismus het sodoende dan die medium of leerplan van onderrig geword (Babin 1991:18).

### 4.1 Die kommunikasie van geloof in 'n mondelingse kultuur

In sommige kulture lê kommunikasie hoofsaaklik opgesluit in die mondelingse kommunikasie. Daar word hoofsaaklik net geluister met die ore terwyl oogkontak en die waarneming van simboliese handelinge of aksies heeltemal uitgesluit word (Babin 1991:19). Hierdie vorm van kommunikasie is dus die heeltyd monologies van aard.

Dit is vanuit die mondelinge raamwerk dat die kategismus na vore getree het. Drie prinsipiële aktiwiteite het binne die Christendom sterk na vore getree binne die tydperk vanaf Christus tot die 15de eeu, naamlik evangelisasie, kategese- of geloofs- onderrig en onderdompeling. Ten spyte van die verskille tussen hierdie drie sake word al drie gekenmerk deur die voorrang van gemeenskaplike lewe deur liturgie en praktyk; deur stories en beelde; en deur die geheiligde rol van die persoon wat die onderrig gee. Al hierdie faktore is bekend as dit kom by die audio visuele manier van kommunikasie (Babin 1991:20). Binne hierdie sake is simbole en simboliese handelinge veral gebruik om sekere geloofswaarhede te kommunikeer en te memoriseer.

Die gebruik van beelde was en is veral handig wanneer dit kom by die leer van geloofswaarhede aan ongeletterde persone. Hierdie beelde help hulle sodoende om die betekenis te verstaan maar dan ook vas te pen binne die geheue. Beelde wat gebruik word is prente of kunswerke, beelde, loodglas vensters, kruise ensovoorts (Babin 1991:23).

**4.2 Die simboliese weg**

Om die evangelie vandag doeltreffend te kommunikeer is dit belangrik dat die hulpmiddel van simboliese taal gebruik sal word. Jesus Christus het immers van simboliese taal gebruik gemaak en dit is ook die dominante taal van die media vandag. Simboliese taal is daartoe in staat om regulering te voeg tot abstrakte woorde. Die gebruik van simboliese taal kom in alle godsdienste na vore (Babin 1991:146).

Maar hoekom die gebruik van simboliese taal? Tot watter behoeftes korrespondeer simboliese taal? Waaruit bestaan die proses waarin dit gebruik word? Wat is die konsekwensies vir godsdienstige kommunikasie en opvoeding? Tesame met die skoonheid van simboliese taal, is dit by uitnemendheid die manier om die onsienlike in ons tyd te kommunikeer (Babin 1991:146).

Carl Gustav Jung gee 'n oorspronklike verduideliking vir die godsdienstige krisis van ons tyd. Volgens hom is daar 'n tragiese golf ontwikkel tussen die godsdienstige vorme en impulse wat min of meer dominant is in elke mens en die kerk se dogmatiese en kultiese modes van uitdrukking. Met ander woorde daar is 'n skeiding of breuk tussen die mens se manier van dink en beleef teenoor die kerk se manier van dink en leef. Dit lyk dus of die twee wêrelde weg van mekaar af beweeg. Jung skryf: *"Christian civilization has shown itself to be hollow to a terrifying degree. It is only an external varnish. The inner man has remained apart... unchanged. Externally, everything is in its place, in images and words. But all of this is absent within. Inside, it is the ancient gods who rule."* (Babin 1991:146).

Mense wil egter nie net meer hoor nie, hulle wil ook sien. Daarom is dit belangrik vir die prediking in besonder dat mense nie net intellektueel meer gestimuleer sal word nie, maar dat hul ook visueel gestimuleer sal word. Vir te lank is daar net dogmas aan die mens verkondig en op die ou einde van die

dag raak dit die mens nie meer aan in sy diepste binneste of in sy ervarings wêreld nie (Babin 1991:148).

### *4.2.1. Simboliese taal*

As ons aan die woord "simbool" dink, dan roep dit in baie se gedagtes 'n vae realiteit, iets wat nie ernstig opgeneem hoef te word nie. Die gevolg is dat simboliese taal maklik verkeerd verstaan kan word.

Paul Ricouer sien die waarde van 'n simbool daarin dat 'n simbool die mens laat dink. As ons Ricouer se siening rondom 'n simbool sou kon analiseer sou ons kon sê dat voordat 'n simbool ons laat dink, dat 'n simbool ook as 'n agent van verandering optree wat die mens dan in sy geheel affekteer. In die taal van 'n dwelmslaaf: "Dit is die dwelm wat jou op 'n 'trip' sit". Wanneer 'n mens gaan bad, is jy nadat jy gebad het nie dieselfde as voordat jy gebad het nie. Deur die bad het daar 'n verandering by jou plaasgevind. Dieselfde gebeur ook as jy na 'n simbool kyk. Die simbool raak jou gedagtes en jou binneste so aan dat daar 'n verandering by jou plaasvind. Dit maak ook 'n bepaalde belewenis binne in jou los. Baie keer is hierdie simbole aan jou bekend, terwyl dit ander kere maar vaagweg aan jou bekend is en ander kere ontmoet jy die simbool vir die heel eerste keer in jou lewe. Die effek wat die simbool egter op jou het, hetsy dit positief of negatief van aard is, is egter blywend van aard.

Babin wys voorts daarop dat simboliese taal, 'n taal van verlyding is voordat dit 'n taal van verduideliking is. Dit ly nie net die gees nie, maar ook die hart. Dit beweeg die liggaam. Dit is 'n taal vol van ressonanse en ritmes, stories en

beelde, voorstelle en konneksies wat ons bekendstel aan verskillende tipes van geestelike en emosionele reaksies (Babin 1991:149-150).

#### *4.2.2. Simbole spreek die hart aan*

Jesus Christus het in Sy prediking veral gebruik gemaak van gelykenisse. Die gelykenisse dien as simboliese taal waarin 'n bepaalde boodskap by die hoorders tuis gebring word. Hierdie gelykenisse het veral die mense se harte aangeraak. In die boek Hooglied sien ons ook hoedat Salomo veral van simboliese taal gebruik maak om die harte van mense aan te raak. Kyk ons na die rolprent wêreld sien ons ook hoedat daar veral van simboliese taal gebruik gemaak word om die harte van mense aan te raak. Nie lank terug het die rolprent “The Passion of Christ” in teaters wêreldwyd gedraai. Baie mense se harte is aangeraak nadat hulle die rolprent gesien het. Mense het tot bekering gekom; ander het weer skuld bely en ander het weer hul liefde vir die Here opnuut bevestig. Ons hoor ook telkemale die verhale van hoedat mense tot bekering gekom het bloot deurdat hulle 'n Passiespele of Kersspel gesien het. Die gebruik van dramas en danse speel ook 'n belangrike rol in die verkondiging van die evangelie waarin mense se harte aangeraak word. Talle mense het ook hul liefde vir die Here ontdek in bepaalde simbole wat hulle in die openbaar of in 'n kerkgebou raakgesien het. Alles bepaalde simbole waarin mense se harte aangespreek is.

#### *4.2.3. Simbole bring kennis en heling bymekaar uit*

Die aspek van heling is 'n aspek wat al hoe meer belangriker word aangesien die mens al hoe meer fisies opgesweep word deur die media en dat daar 'n

toename is by die mens se sensitiwiteit tot faktore van gesondheid en die vervulling van die liggaam (Babin 1991:153). Die moderne mens van vandag soek in geloof nie soseer na kennis nie, maar veel eerder na heling en geestelike of spirituele vervulling. Die simboliese weg sluit die hele mens by die verstaansproses in.

As ons dink aan die ou Romeinse rituele, dan was dit gevul met seëninge en bepaalde uitdrywings wat ten doel gehad het heling, beskerming en suiwering. Vandag egter gebeur dit dat wanneer daar byvoorbeeld gebid word dat die Here ons moet bevry van ‘n insek plaag dat die mens begin glimlag aangesien ons oor moderne insekmiddels beskik. Die probleem is egter dat daar by die moderne mens ‘n gebrek is aan ‘n diepere verstaan van die krag en waarde van gebed. Die wêreld is egter steeds siek as gevolg van hierdie gebrek. Die huidige generasie se gedagtes word egter gevul met advertensies waarin jeug, gesondheid en geluk verkondig word. Die boodskap wat baie keer in hierdie advertensies na vore kom is dat die mens van vandag nie gelukkig gehou kan word met ‘n godsdiens wat as waar voorgehou word nie. Dit moet aangebied word as “goed” selfs as die “goeie dinge” wat in simbole gegee word (Babin 1991:149-153).

***4.2.4. Simbole bevorder eenheid tussen mense.***

Mense uit verskillende kulture en agtergronde word aanmekaar gebind deur ‘n gemeenskaplike verstaan van simbole. ‘n Simbool het in enige gemeenskap gewoonlik dieselfde betekenis. Dit wek ook gewoonlik dieselfde gedagtes, gevoelens en emosies binne verskillende groepe op. Deur hierdie

gemeenskaplike verstaan van simbole word die eenheid so tussen mense bevorder (Babin 1991:149-153).

### *4.2.5. Simbole skep 'n area van vryheid.*

Die betekenis van iets word vasgevang in die woord. Dogmatiese taal het steeds sy grense waarbinne dit beweeg en funksioneer. Die betekenis van 'n bepaalde dogmatiese leerstelling bly steeds funksioneer binne hierdie grense wat vasgestel word. Wanneer dit kom by die gebruik van simboliese taal is die voordeel daarin opgesluit dat dit geensins aan enige grense vasgemaak word nie. Die rede daartoe is omdat simboliese taal daartoe instaat is om bepaalde gedagtes op te wek en konneksies en parallelle te maak. So byvoorbeeld kan Jesus Christus in die liturgie deur 'n kers voorgestel word en dan ook die lig wat tot die wêreld deurbreek in Paastyd. Hierdie hele proses bring dan 'n beweging binne die mens na vore waarin die mens in besonder opgeroep word om na die Lig toe te beweeg.

### *4.2.6. Simbole maak ons oop tot die geestelike*

Hoe maak simbole die weg vir ons oop tot die geestelike en die mistieke? Vir Jung is die simbool per definisie die weg waardeur ons toegang verkry tot die onbekende: *"As the mind explores the symbol, it is led to ideas that lie beyond the grasp of reason. The wheel may lead our thoughts toward the concept of a 'divine' sun, but at this point reason must admit its incompetence, for man is unable to define a 'divine' being... Because there are innumerable things beyond the range of human understanding, we constantly use symbolic terms..."* (Babin 1991:154).

### *4.2.7. Simbole bring hoop binne mense se lewens*

Die betekenis van ‘n simbool word binne mense se lewens en gedagtes vasgemaak. Die gevolg is dat elke keer wanneer ‘n persoon vanuit sy of haar verskillende omstandighede na die simbool kyk word die betekenis en waarde van die simbool, sonder dat ‘n woord gespreek word weer opnuut in die gedagtes na vore gebring. Hierdie betekenis gee dan weer hoop vir die mens in sy betrokke omstandighede.

## 4.3. Die proses van die simboliese weg

Die term “simboliese weg” was ontwerp om ‘n benadering te bepaal en om nadruk te lê op die vitale ervaring wat inherent is tot die simbool. Wanneer mens met ‘n simbool te doen het, vind daar verskeie veranderinge binne die mens en langs die pad plaas. Hierdie veranderinge, aktiwiteite en ervaringe maak op die ou einde die simboliese weg op. Daar was oor die tyd heen beperkende definisies van die simbool, maar die simboliese weg is fundamenteel ‘n komplekse en ambieuse geheel van klanke, beelde, woorde, gebare, verhoudings, ritmes, geure en verskeie ander faktore wat ‘n fisieke toestand en fisiese emosie na vore bring. Beide die fisieke toestand en fisiese emosie help daartoe dat die mens se religieuse grondvorme binne hom of haar wakker gemaak word (Babin 1991:155).

Die simboliese weg het beide ‘n individuele en sosiale effek. Die effek is individueel aangesien dit die mens met homself konfronteer. Baie mense wat soms die pad van alleenheid binne in hulleself stap is daartoe instaat om

hulleself weer te vind langs die simboliese weg. As die simboliese weg weer deur ‘n groep gevolg word het dit ‘n sosiale effek aangesien dit ‘n gemeenskap opbou. ‘n Tipiese voorbeeld hiervan is Ramadan, die Moslems se vastyd. Gandhi het gevas en terselfdertyd het hy lig op ander geplaas en vir hulle ‘n manier van lewe gewys wat ‘n geweldige invloed op sy land in die geheel gehad het (Babin 1991:155).

Die simboliese weg is egter nie net ‘n objek van denke nie. Dit is ook ‘n aktiwiteit en ervaring. Dit lei nie slegs tot abstrakte kennis nie, maar ook tot ‘n voor kennis en begeertes. Die doel van die simboliese weg is ongeag die manier of pad wat dit stap altyd dieselfde, naamlik inligting, kennis van openbaring op ‘n hoër vlak as bloot net intelligensie of om vir jouself of ander te leef (Babin 1991:155). Binne hierdie simboliese weg is die simbool daartoe instaat om ‘n bepaalde ervaring binne die mens teweeg te bring. Daar is ‘n beweging van buite na binne toe; van duisternis na die lig toe. Daar is twee belangrike vorme van die simboliese weg, naamlik die simboliese weg van die elke daagse lewe en die simboliese weg van tye van skok, spesiale tye of oefening (Babin 1991:156).

**4.4. Die gebruik van simbole en rituele**

Binne die samelewing word daar op verskillende maniere gebruik gemaak van simbole en rituele. Hier kan ons byvoorbeeld dink aan feeste waar ‘n bepaalde dag binne ‘n volk se geskiedenis herdenk word. ‘n Ander voorbeeld vind ons in besonder ook binne die studente kultuur waar daar gebruik

gemaak word van bepaalde seremonies is koshuise soos byvoorbeeld die inlywing van eerste jaar studente.

Die aandag wat gegee word aan rituele en simboliek kan gekwalifiseer word as 'n nuwe kulturele bewussyn. Kultuur is 'n gekompliseerde en omvattende begrip. Talle omskrywings daarvan wys in die rigting van betekenis en simbole of as 'n simboliese orde. Om dit anders te stel, in die kultuur gaan dit veral om die produksie van betekenis, van singewing aan die estetiese, sosiologiese, ekonomiese, religieuse en antropologiese tendense (Barnard 2002:14).

#### *4.4.1. Kultuur*

Die konsentrasie op die kultureel-antropologiese dimensie van die liturgiek weerspieël 'n wêreldwye ontwikkeling in die liturgie, sowel aan Katolieke en Protestante kant. Vanuit die Nederlandse kultuur en dan by name Willem Frijhoff en Marijke Spies is dit duidelik dat kultuur betekenis skep. Kultuur is dus nie alleen 'n produk nie, maar ook 'n produsent van betekenis. Kultuur besit dus ook die skeppende element. Kultuur word ook nie alleen geproduseer nie, maar is self ook 'n produserende faktor met 'n eie dinamiek (Frijhoff/Spies 1999:53). Kulturele handelinge kan omskryf word as die sinvolle verband tussen verspreide en op die oog onsamehangende elemente van die werklikheid te lê tussen mense, dinge, beelde en handelinge (Frijjhof/Spies 1999:53). Dinge en handelinge kry dus 'n betekenis bo hul nuttigheidswaarde uit en die betekenis skyn meervoudig te wees (Barnard 2002:15).

Dit is belangrik om te weet wat in ‘n bepaalde kultuur belangrik is aangesien dit betekenis aan die kultuur kom gee. Daar bestaan ook verskillende definisies van kultuur.

Verskillende aspekte van kultuur kom ook na vore:

- Ons kan nie praat van ‘n spesifieke kultuur nie. Dit is veel beter om in die meervoud vorm te praat. Dit is nodig omdat ons byvoorbeeld verskillende generasies binne ‘n samelewing kry. Taal en ras speel ook ‘n belangrike rol. Daar bestaan ook pluraliteit binne ‘n kultuur. Jy kry ook ‘n monokultuur soos byvoorbeeld die “blommekinders”, “die Billabong kultuur” ensovoorts.
- Kultuur is ‘n sisteem van waardes. ‘n Sisteem speel ‘n belangrike rol saam met ander. ‘n Sisteem verskil ook van mekaar soos byvoorbeeld die Afrika kultuur teenoor die Westerse kultuur.
- Dit is ook belangrik om te onderskei wat die hiërargie van die waardes is. Watter waardes is belangrik en watter is nie. Watter waardes gee sin en betekenis in die kultuur en watter gee nie sin en betekenis nie.
- Waardes kan nie vasgelê word in die sisteem nie. Die waardes kan verskuif word. Die waardes verskil ook in hulle tydskultuur.
- Kultuur is ‘n dinamiese proses. Daar bestaan ‘n voortdurende wisselwerking.
- Kultuur is ook die gee van betekenis aan bepaalde goed soos byvoorbeeld ekonomie, sport, godsdiens ensovoorts.

As ons ‘n definisie van kultuur kan gee, sou ons kon sê dat kultuur die produk – met ander woorde die resultaat van ‘n bepaalde proses – en die produsent – dinamiek en voortdurende nuwe betekenis wat gegee word – van betekenis is.

Die liturgie kan ook gesien word as ‘n kultuur met waardes en daarom is die liturgie ‘n kulturele proses. Die kultuur gee perspektief op die liturgie. Die Bybel en kerk bepaal in ‘n groot mate die waarde van die liturgie, maar die kerkgangers kan nooit buite rekening gelaat word nie. Dit word dus ‘n mengsel van Christelike en sekulêre waardes. As jy na die liturgie kyk as ‘n kulturele proses, dan kyk jy nie daarna as ‘n vasgestelde orde nie. As jy so daarna kyk, dan kan en mag jy nie na die liturgie alleenlik kyk vanuit die perspektief van ‘n predikant nie. Jy moet ook daarna kyk vanuit die perspektief van ‘n gemeentelid. Op die ou einde word passiwiteit van die kerkganger uitgeskakel. Gemeentelede dink ook nie altyd dieselfde as die predikant nie. Vanuit die kulturele proses word daar betekenis gegee. Dit word ook verwikkel in die erediens. Die predikant maak ook deel uit van ‘n kultuur en samelewing. Die hartseer is egter dat daar ‘n kloof bestaan en besig is om groter te word. ‘n Preek mag nie net teologies wees nie, maar dit moet ook vanuit die kultuur gemaak word (praxis-teorie-praxis). ‘n Preek mag nie net eksegese wees nie al speel die eksegese ‘n belangrike rol. Dit is die kultuur wat ons help om die vrae te vra vir die prediking. Dit is ook belangrik om te vra wat is die betekenis van die teks vir ons situasie. Die spanning tussen teks en praktyk is ‘n stimulus tot kreatiwiteit. Die predikant se

persoonlikheid, aard en spiritualiteit bepaal ook die vorm van die liturgie. Die inrigting van die kerkgebou speel ook 'n belangrike rol in die liturgie.

#### *4.4.2 Simbole en rituele*

In kultuur en liturgie speel betekenisse, simbole, rituele en metafore 'n belangrike rol. Wanneer 'n persoon daaroor wil reflekteer en na 'n teorie wil soek, word daar gou gesien dat daar in die wetenskap al baie oor geskryf en gedebatteer is. Verskillende menings kom ook na vore waarvan sommige aanvullend is en ander weer teenstrydig teenoor mekaar staan. Terminologies is daar ook geen ooreenstemming nie. Daar word baie gou ontdek en tot die besef gekom dat 'n wetenskaplike gesprek rondom simbole, rituele en metafore nie so eenvoudig is nie (Barnard 2002:15). Daar word dus hoofsaaklik hier gekyk na die teologiese betekenis van simbole en rituele.

Ons leef in 'n geslote domein wat in en deur simbole opgebreek word. Simbolisering is die beweging na 'n bepaalde domein, wat twee verskillende domeine weer saamvoeg. Die etimologiese oorsprong van die woord simbool is die Griekse sumballw wat die betekenis het van *"om bymekaar te bring of om aanmekaar te voeg"*. Binne die religieuse konteks beteken dit dat die goddelike en die menslike domein bymekaar gevoeg of gebring word. So lees ons byvoorbeeld in Lukas 2:19 iets van hierdie gebeure wanneer Maria die woorde van die engel in haar hart bewaar. In hierdie bewaar proses vind daar 'n simboliese proses binne haar plaas waarin die hemelse en aardse domein bymekaar gevoeg word en sy dan waarde en betekenis vind in die gebeure binne haar lewe (Barnard 2002:16).

Binne die teologie en dan veral binne die liturgie moet ons die vraag vra of die liturgiese simboliek ons geslote wêreld ook oopbreek om by God uit te kom en dan die vraag ook van hoe. Reik ons simbole en rituele aan God en hoe? As dit kom by die beantwoording van die vraag rondom die "hoe", dan is daar eenstemmigheid daaroor dat simbole en rituele iets van die domein van God na vore bring. Die vraag in die diskussie is of simbole daarin representatief (verteenwoordigend) of presentatief is?

As dit om die representatiewe gaan, dan word daar in die simbool iets bekend aangaande die ander domein sonder dat die werklike teenwoordig word. Die simbool verteenwoordig God. Hierdie visie is verwant aan die gereformeerde teologiese denke. Binne die liturgie vind daar ‘n simboliese proses plaas waarin die prediking ‘n belangrike plek inneem. Die amp van die liturg sal in die proses eerstens profeties gekwalifiseer moet word waarin die liturg as instrument van God in die liturgie optree. Die liturgie word sodoende dan ‘n proses van die bevestiging van God se beloftes. Die liturgie mag dan egter nooit van die Woord losgemaak word nie anders kan dit spiritualisties verkeerd verstaan word (Barnard 2002:16).

‘n Ander visie wat veral deur die Nederlandse teoloog Gerardus van der Leeuw voorgehou word is dat die simbool nie representatief is nie, maar wel presentatief. Die simbool stel God verteenwoordigend voor; neem werklik deel aan God. Binne hierdie lyn sien ons dus dat simbole nie maar net willekeurig gekies kan word nie, maar dat daar ‘n wesenlike samehang tussen die

teken/simbool en betekenis moet wees. Hier is die liturg primêr priester wat gebonde is aan vaste tye, plekke, handelinge en woorde om die ontmoeting met God te bewerkstellig (Barnard 2002:16).

Die representatiewe opvatting van die simbool is verbind aan die Gereformeerde teologiese denke, terwyl die presentatiewe opvatting meer aan die Lutherse en Rooms-katolieke denke verbind is (Barnard 2002:17).

Die uitgangspunt word gehandhaaf dat 'n ritueel normaalweg kan bestaan uit drie aspekte naamlik 'n simbool, 'n simboolhandeling en simbooltaal.

**4.4.2.1. Simbool**

'n Simbool is iets anders en meer as 'n teken. 'n Teken is 'n dooie metafoor. 'n Verkeersteken byvoorbeeld dra 'n duidelike boodskap waarop ag geslaan behoort te word. Dit is veronderstel om geen ruimte vir onduidelikheid of alternatiewe interpretasiemoontlikhede te laat nie.

'n Simbool daarenteen kan woorde, handelinge of objekte wees wat 'n brugfunksie vervul na 'n ander, ruimer, dieper, groter werklikheid. Anders as met 'n teken, stimuleer 'n simbool juis verbeelding om reg te laat geskied aan die misterieuse en verborge karakter van die *tweede* werklikheid.

In die liturgie sou byvoorbeeld die water by die *ritueel* van die doop as simbool dien. Gewone water neem ons aste ware na 'n ander werklikheid en roep 'n hele reeks betekenisse en assosiasies by ons op. By die *ritueel* van

die Nagmaal sal die brood en wyn as simbool dien. Net soos met die water neem die brood en wyn ons aste ware na ‘n ander werklikheid en roep dit ook ‘n hele reeks betekenisse en assosiasies by ons op.

**4.4.2.2. Simboolhandeling**

Dit gebeur dikwels dat ‘n simbool vergesel word van ‘n simboolhandeling. Die handeling is dan veronderstel om die betekeniswaarde van die simbool te ondersteun of sigbaar te maak.

Om die doop as voorbeeld te gebruik: die simbool (water) word deur middel van ‘n handeling opgeskep en oor die dopeling se kop gesprinkel of gegiet. Deur hierdie handeling word die *simboliese* waarde van die water beklemtoon. By die Nagmaal dien die opneem en breek van die simbool (brood) en die opneem en skink van die simbool (wyn) as simboolhandeling. Deur hierdie handelinge word die *simboliese* waarde van die brood en wyn beklemtoon.

**4.4.2.3. Simbooltaal**

In aansluiting by die simbool en die simboolhandeling, kan ‘n bepaalde ritueel ook bestaan uit sekere taalbegrippe wat veronderstel is om die ritueel tot betekenis te bring. Dit kan soms selfs die vorm van ‘n *formule* aanneem, soos wanneer die doop bedien word “*in die Naam van die Vader, die Seun, en die Heilige Gees”.* By die Nagmaal sal dit weer wees: *“Die brood wat ons breek, is die gemeenskap met die liggaam van ons Here Jesus Christus. Neem, eet, dink daaraan en glo dat Sy liggaam gebreek is tot ‘n volkome versoening vir al*

*ons sondes;"* asook *"Die beker van danksegging is die gemeenskap met die bloed van ons Here Jesus Christus. Neem, drink, dink daaraan en glo dat Sy kosbare bloed vergiet is tot 'n volkome versoening vir al ons sondes."*

In die lig van bogenoemde sou 'n ritueel dus beskryf kon word as 'n (meestal herhalende) handeling wat die gebruik van simboliese voorwerpe, taal en handeling kan insluit.

Die behoefte aan ritueel is daar vanweë die behoefte om die buite-die-alledaagse ervaringe op 'n buite-alledaagse wyse te verstaan en te verwerk. Dit vra van ons as predikers om die liturgie en prediking in te rig in die sfeer van die verhalende, afwesige-aanwesige God en dat dit in die taal van die verbeelding, maar kontekstueel en aktueel aangebied moet word. Hiervoor sal ons as predikers verskillende vaardighede moet ontwikkel. Een daarvan is dat ons die vermoë sal moet ontwikkel om kreatief met die taal om te gaan in woorde, metafore en simbole. Soos die Woord en woorde ons help om dit wat van God verstaan kan word, te hoor, te begryp en te ontvang, so wil die simbole en rituele ons help om ook dit van God wat ons nie goed verstaan nie, te "sien", te aanbid en te ontvang. Die uitdaging sal wees om die simbole so aan te wend dat dit nie die fokus van God wegdraai nie, maar dit juis verskerp. Simbole het nie die doel om eredienste op te vrolik nie, maar veel eerder om ons te help om sinvoller en meer konstruktief God te beleef en met Hom te leef.

### 4.4.3. Kenmerke van 'n goeie ritueel.

Gemeentes behoort aangemoedig te word om self rituele te ontwikkel en in stand te hou. Liturgies sou dit moontlik wees om byna enige element of onderdeel van die erediens ritueel te ondersteun. Gestel 'n gemeente sou rondom die wegsending 'n ritueel wou ontwerp aan die hand van die genoemde onderdele, dan sou daar gesoek kon word na 'n simbool wat God se teenwoordigheid in die wêreld (waarheen die gemeente gestuur word) verbeeld. Rondom hierdie simbool sou 'n bepaalde handeling uitgevoer kon word aan die hand waarvan die gemeente die wêreld ingestuur word. Dit alles sou natuurlik met sekere woorde of simbooltaal gepaard kon gaan. Hier sou byvoorbeeld gedink kon word aan 'n kruis wat by die ingang van die kerkgebou staan met die woorde daarop: "So stuur Ek julle!" Wanneer die lidmaat die kerkgebou uitstap sien hy hierdie kruis met die boodskap daarop en weet hy dat dit sy taak is om die boodskap wat ontvang is te gaan uitleef in die wêreld daarbuite. 'n Ander voorbeeld sou kon wees 'n kers wat deur 'n lidmaat aangesteek word. In hierdie simbool word die gemeente dan ook daaraan herinner om ligdraers in die wêreld te wees.

Die volgende kenmerke van rituele kan in ag geneem word wanneer 'n bepaalde ritueel ontwerp word:

- Daar moet 'n bewuste keuse wees vir klem op struktuur of anti-struktuur, bewaar of hervorm (Die bevestiging van kerkraadslede se klem sou tipies op struktuur val en 'n kinderdiens se klem op anti-struktuur).
- Daar moet verkieslik 'n stadige tempo wees; hoe stadiger, hoe meer dramaties.

- Daar moet genoeg tyd wees vir stilte.
- Rituele moet gekenmerk word deur eenvoud.
- Hoe meer sintuiglik die ritueel aaangebied word, hoe beter.
- Daar moet ‘n sinvolle en effektiewe keuse van simbool, simboolhandelinge en simbooltaal wees.
- Begin die beplanning met alle moontlikhede en werk dan in die rigting van vereenvoudiging.
- Betrek deelnemers in die beplanning van ‘n ritueel.
- Beperk toeskouers by die uitvoering van ‘n ritueel.
- Doen moeite met die keuse van musiek.

# Hoofstuk 5

## Die gebruik van simbole binne die erediens

Wanneer dit kom by die gebruik van simbole binne die erediens, dan moet daar nooit buite rekening gelaat word dat simbole ook ‘n kunsvorm is. Daar moet ook nooit buite rekening gelaat word dat God die groot Skepper is. In Genesis 1 word hierdie waarheid vir ons duidelik. As Skepper is God dus ook die Vader van die kuns. Kuns is die manier waarop die wêreld verken kan word. As leser van die kuns kan jy weer herskep en verstaan. Die kunstenaar help ons om ons eie plek in die wêreld te ontdek. Die kuns en die ontdekking van die wêreld gaan saam. Ons leef met een wêreld en dit is God se wêreld.

Deur die eeue heen het die Woord ‘n fenominale rol in die kuns gespeel. Ons beweeg terug na ‘n kyk kultuur toe. Mense wil goed visueel sien en beleef. In die vroeë jare het die mense deur die Woord visueel beleef. Die Woord is ‘n bron van inspirasie en spiritualiteit. Daarom is die Woord juis die bron ook van die kunstenaar.

Wanneer simbole of kuns binne die erediens gebruik word, dan is daar twee jammertes wat daarin veral na vore kom. Aan die een kant gebeur dit dat hoorders die gebruik van simbole sien as ‘n bedreiging. Hierin voel die hoorders dat hulle maklik ontneem kan word van die bekende in hulle lewens en daarmee saam dat daar makliker ingekom kan word in hulle persoonlike lewens. Aan die ander kant gebeur dit dat hoorders die gebruik van simbole

ook net sien as ‘n evangelisasie middel waarin daar slegs op ‘n bepaalde moment ‘n bepaalde boodskap op ‘n drastiese manier verkondig word.

**5.1. Die waarde van simbole binne die erediens**

‘n Simbool moet ‘n bepaalde waarde uitdruk. Simbole moet nie net aangewend word om ‘n erediens op te vrolik nie. Die gebruik van simbole binne die erediens het besliste waarde:

- Dit be-teken die onsigbare op sigbare wyse (Strauss 1995:89).

- Dit dien as herkenningsteken. ‘n Mens dink hier aan die gebruik van geykte geloofsbelydenis-formules onder die Christene van die vroeë kerk, asook die latere gebruik van die vis (Strauss 1995:89).

- Simbole het objektiewe en subjektiewe betekenisse. Objektief wys ‘n simbool na ‘n objek buite sigself. Die simbool van die kruis wys byvoorbeeld op die versoening in Jesus Christus. Maar die simbool het ook subjektiewe betekenis vir die persoon wat dit sien. Die kruissimbool kan byvoorbeeld lof aan God, dankbaarheid of skuldbelydenis oproep by verskillende individue (Strauss 1995:89).

- Dit rig ons aandag en verering op God. Daar steek ‘n hoë mate van waarheid in Hoenderdaal (1977:83) se standpunt dat die gebrek aan waaragtige aanbidding in die Protestantse erediens, toe te skryf is aan die gebrek aan ’n *“middelpunt waartoe men deze aanbidding zou kunnen*

*richten"*. Natuurlik word hier nie 'n vorm van afgodery of beelde-aanbidding bepleit nie en natuurlik is dit so dat die Woord sentraal in die erediens is. Die vraag word alleen maar gestel: Is daar nie die moontlikheid om in ons eredienste 'n Christelike simbool so op te stel dat dit ons tot 'n konsentrasie van ons aanbidding tot God kan lei nie? Is dit nie maar wat op die ou einde met kanselklede bedoel is nie en kan die moontlikheid nie verder uitgebou word nie (Strauss 1995:89)?

- Die gebruik van simbole betrek die totale mens in aanbidding. Die misbruik van simbole in die middeleeue het gelei tot reaksionêre klem op die spirituele in die erediens. Liturgie het ook 'n fisiese kant. Die mens in die erediens het nie net spirituele behoeftes nie, maar ook fisiese, emosionele en estetiese behoeftes. Dit is hierdie behoeftes wat aangespreek kan word deur die gebruikmaking van simboliek in die erediens (Strauss 1995:89-90).

**5.2. Voorwaardes vir die sinvolle gebruik van simbole in die Gereformeerde erediens.**

Die Gereformeerde liturgiese tradisie is ryk aan tipiese eiendomlikhede. In die oorweging van 'n Gereformeerde liturgiese simboliek moet met hierdie eiendomlikhede rekening gehou word. 'n Eietydse Gereformeerde gebruik van simbole moet daarop gerig wees om hierdie kenmerke te ontplooi. Nie enige simbool is dus geskik vir gebruik binne die Gereformeerde erediens nie. Sorgvuldige oorweging sal gegee moet word aan 'n simbool voordat dit in die

samekoms van ‘n gemeente gebruik kan word. Van die kriteria wat aangelê kan word, is die volgende (Strauss 1995:90-91):

- Die simbool mag nooit ‘n doel op sigself word nie. Iets is nie noodwendig geskik vir die erediens net omdat dit mooi is nie. Dit sou aanleiding kon gee tot ‘n valse estetisisme. Die simbool moet altyd heenwys na.... Die Reformatoriese *“Soli Deo Gloria”* mag nooit swig voor humanistiese *“solae aestheticae gloria”* nie (Marti 1978:40).

- ‘n Duidelike relasie tussen die simbool en die lewe en werk van Jesus Christus moet altyd blyk uit die die gebruik van die simbool. ‘n Simbool is in die Gereformeerde liturgie slegs diensbaar as dit die gemeente lei tot ‘n ontmoeting met die “Woord wat mens geword het en onder ons kom woon het” (Joh 1:14). Enige simbool wat die aandag van die gemeente van Hom af weglei moet uit die erediens geweer word.

- Vier begrippe naamlik eenvoud, nugterheid, matigheid en verstaanbaarheid is normatief vir ‘n Gereformeerde liturgiese simboliek. Die simbole wat in die Gereformeerde samekoms van die gemeente gebruik word, sal eenvoudig en ongekunsteld wees en nie ornamenteel en ingewikkeld nie. Dit sal ook nugter wees en nie sentimenteel en mistiek-verheerlikend nie. Matige simboliek sal daardeur gekenmerk word dat dit nie oordadig en opgesmuk is nie. Dit sal verstaanbaar en deursigtig wees sodat dit direkte trefkrag kan hê.

- Die simbole wat binne die erediens gebruik word moet eg eie wees aan die kulturele milieu waaruit dit opkom. Dit sou van ‘n gebrek aan teologiese integriteit spreek as slegs simbole wat romantiese of klassieke eienskappe het in die erediens van die twintigste eeu gebruik word.

- Aansluitend by die norm van teologiese integriteit, moet ook die van eerbiedwaardigheid genoem word. In die besluit of ‘n simbool in die erediens gebruik mag word, moet rekening gehou word met die vraag of dit pas by die geleentheid en plek. Rookmaker (1970:238) druk die implikasies van die norm soos volg uit: *“You are not going to paint Christ in the cross in the style of a cartoon.”*

- Die simbool moet sosiaal erken en verstaan word. Dit het geen waarde as simbole wat nie verstaan word nie, ter wille van die tradisie maar in stand gehou word.

- Daar moet altyd daarmee rekening gehou word dat die betekenis en waarde van simbole kan afslyt en dat simbole in sommige gevalle ‘n beperkte gebruikstyd het. Dit is daarom belangrik dat kreatiwiteit aan die dag gelê moet word en dat nuwe simbole voortdurend ontgin moet word.

- Die gebruik van simbole mag nooit verval in ‘n formalisme nie. Liturgiese vernuwing gaan hand aan hand met die verandering van die totale mens. Die vernuwing van die erediens is in die Gereformeerde sin van die woord

eintlik onmoontlik as dit nie gepaard gaan met, en begelei word en gedra word deur die vernuwing van die mens nie.

- Daar moet gewaak word teen die oormatige gebruik van simbole.

- Die Skrif moet altyd die teks bly. Die teks moet jou lei na die simbool toe. Die simbool mag nooit die teks word nie.

- Die kuns wat in ‘n simbool na vore kom moet nie die enigste modus operandi wees nie. Met ander woorde daar hoef nie elke Sondag noodwendig van ‘n simbool gebruik gemaak word nie.

- As die beeld wat in ‘n simbool na vore kom tot die liturg spreek, dan moet hy juis gebruik word.

- Daar moet ook gewaak word daarteen dat te veel beeldmateriaal gebruik wil word. Die gevaar daarin is dat die liturg oogkontak met sy gehoor kan begin verloor. Die liturg moet ook daarteen waak om die heeltyd oogkontak met die simbool te behou.

### 5.3. Uitbouing van spesifieke liturgiese simbole

#### 5.3.1. Simboliek van liggaamlike beweging

Sedert die sestigerjare van die eeu is daar in die liturgie nuwe belangstelling in liggaamlike beweging in die erediens. ‘n Faktor wat hiertoe bygedra het is

teoloë se herontdekking van die mens. Meer klem het in die teologie begin val op die antropologiese aspek van geloof en dit het noodwendig neerslag gevind in die liturgiese vormgewing. 'n Ander bydraende faktor is die ontwaking, groei en gevolglike invloed van die sogenaamde jong kerke in Afrika en Suid-Amerika. Hierdie kerke maak, vanweë hulle kulturele erfenis, baie van dans en liggaamlike beweging in die liturgie gebruik.

Aangesien Afrikaanse kultuurgeskiedenis eintlik spreek van 'n armoede aan spontaneïteit en liggaamlike uitdrukking, behoort meer moeite met die simboliek van liggaamlike beweging in die erediens gemaak te word. Neerkniel as 'n vorm van eerbied in gebed kan aangemoedig word. Die staan by die aanhoor van die Woord as teken van respek en as aanduiding dat die gemeente gereed is om die Woord te gehoorsaam kan gebruik word. Om te staan wanneer die Woord van die Here aangehoor word, is simbolies daarvan dat die gemeente nie net hoorders is van die Woord nie, maar ook daders (Hoenderdaal 1977:84).

Moeite moet gedoen word om lidmate van die Gereformeerde kerke die simboliek van die ophef van hande tydens die aanbidding van God te laat verstaan en hulle te laat insien dat dit nie 'n bloot sogenaamde sektariese gebruik is nie, maar wel 'n Bybelse gebruik. Die aangrypende simboliek van *"Ek strek my hande in gebed na U toe"* (Psalm 143:6), behoort weer in die Gereformeerde liturgie herstel te word. Natuurlik moet die gebaar nie verhef word tot 'n noodsaaklike voorwaarde vir egte aanbidding nie en mense moet

nie gedwing voel om die simboliese handeling uit te voer nie (Strauss 1995: 92).

‘n Vernuwing van die liturgie wat eksklusief besig is met vernuwings ten opsigte van woorde en musiek, maar wat nie rekening hou met ‘n derde belangrike dimensie, naamlik die van beweging nie, sal nooit werklik ‘n deurbraak maak nie. Die liggaamlike aspek van mens-wees is te belangrik om te ignoreer.

**5.3.2. Simboliek van kunsvorme**

Die proklamering en viering van die geloof in die liturgie is oneffektief en selfs kontra-effektief as dit nie die diepste wese van die mens ontroer nie. Dit kan alleen, of ten beste bereik word deur ‘n vorm van estetiese ervaring. Die erediens is ook ‘n holistiese gebeure. Dit is nie ‘n gebeurtenis wat slegs ‘n deel van die mens raak nie. Die Gereformeerde mensbeskouing was nog altyd dat die mens nie in kompartemente verdeel kan word nie en dat nie net ‘n mens se siel met sy verhouding tot God te doen het nie. In sy aanbidding van God is hy dus ook as totale wese betrokke. Dus is daar ook ‘n estetiese sy wat in die erediens op ontginning wag. In die Reformasie is weliswaar weggedoen met die oordadige en estetisistiese kunswerke van die Rooms-Katolieke tradisie, maar dit beteken nie dat liturgie nie ‘n estetiese sy, en dat kuns nie ‘n plek in die erediens behoort te hê nie.

Binne die erediens word daar dan ook veral gebruik gemaak van talle kunswerke om betekenis te gee. So ook is die gebruik van kanselklede ‘n

vorm van kuns waarin simboliek na vore kom. In moderne liturgiese kringe en binne die kerklike jaar word kleuresimboliek op allerlei wyses gebruik:

#### *5.3.2.1. Adventstyd*

Tydens Advent is die tradisionele kleur purper of pers. Dit is ook die kleur wat tydens Lydenstyd gebruik word. Dit dui op die onlosmaaklike verband tussen Jesus se geboorte en Sy dood. Die onskuldige Kind in die krip is bestem om die Man van smarte te word wat die lydensweg sou bewandel. Die pers kleur is simbolies van ingetoënheid en inkeer. Baie kerke gebruik egter deesdae koningsblou as adventskleur om dit te onderskei van Lydenstyd. Liturge dra in hierdie tyd koningsblou stolas en kanselklede is hoofsaaklik koningsblou. Dit verwys in die eerste plek na die koningskap van Jesus maar ook na die naghemel (in afwagting op die aankondiging van die koms van die Koning) of na die waters van Genesis 1 wat dui op ‘n nuwe skeppingsdaad.

Groen as teken van lewe, neem ook ‘n prominente plek in tydens Adventstyd. Dit dui op lewe, groei, hoop en ‘n nuwe skepping. Veral in die noordelike halfrond waar Advent tydens die ysige en vaal winter gevier word, het dit groot betekenis.

Een van die gewildste simbole tydens Adventstyd is die Adventskrans. Dit is ‘n ronde krans wat van groen blare gemaak word en waarbinne vyf kerse geplaas word: vier in die sirkel en een in die middel. Drie van die kerse in die sirkel is blou terwyl die vierde een ligroos is. Die middelste kers is wit. Die kerse word op die Adventsondae die een na die ander aangesteek sodat al

vier kerse in die sirkel op die vierde Adventsondag brand. Die middelste kers, die Christus kers, word op Kersdag aangesteek. Die ligroos kers word op die derde Adventsondag aangesteek.

Die sirkel van die krans simboliseer God se ewigdurende liefde en Sy bestaan van ewigheid tot ewigheid. Die groen in die krans simboliseer nuwe lewe en groei. Die lig van die kerse simboliseer die lig van God wat in die wêreld kom en wat nie deur die duisternis uitgedoof kan word nie. Die vier buitenste kerse simboliseer die vier weke van afwagting en dui ook op die vier eeue van afwagting tussen Maleagi en Jesus Christus. Die eerste kers simboliseer verwagting en hoop; die tweede kers simboliseer verkondiging of aankondiging; die derde kers (ligroos) simboliseer vreugde en die vierde kers simboliseer reinheid.

Die Adventskrans kan met die erediens sowel as in gesinsverband gebruik word. In die erediens kan gesinne gebruik word om aan die begin van elke diens die kers aan te steek. Die een lid van die gesin kan die kers aansteek, terwyl ‘n ander lid van die gesin die betekenis van die spesifieke kers aan die gemeente voorhou. Die volgende woorde kan byvoorbeeld gebruik word:

Eerste Sondag: *“Ons steek hierdie kers aan as simbool van **verwagting**. Mag die lig wat God stuur in die donker skyn om ons die pad na verlossing aan te dui. Kom, o kom, Immanuel!”*

Tweede Sondag: *"Ons steek hierdie kers aan as simbool van* ***verkondiging****. Mag die Woord wat God deur die profete aan ons rig, die weg na verlossing aandui. Kom, o kom, Immanuel!"*

Derde Sondag: *"Ons steek hierdie kers aan as simbool van* ***vreugde****. Mag die belofte van God se teenwoordigheid onder ons, 'n diep vreugde oor die hoop van verlossing in ons laat ontstaan. Kom, o kom, Immanuel!"*

Vierde Sondag: *"Ons steek hierdie kers aan as simbool van* ***reinheid****. Mag die Heilige Gees ons rein en skoon maak sodat ons gereed kan wees vir die koms van Jesus Christus. Kom, o kom, Immanuel!"*

Gesinne kan as 'n gesinsaktiwiteit die Adventskrans saam maak. Aangesien dit gewoonlik 'n meer rustige tyd van die jaar is, sou dit vir gesinne dalk moontlik wees om elke aand of elke oggend rondom die Adventskrans te vergader en saam Adventstekste te lees en Adventsliedere te sing.

Daar is ook talle gebruike wat tydens Adventstyd met groot vrug gebruik sou kon word. Een daarvan waarby gesinne en veral kinders die sinvolste betrek kan word is die van die Adventskalender. Dit kan in die vorm van 'n groot plakkaat gemaak word met 'n "venster" vir elke dag. In die venster word prentjies geteken om telkens die volgende deel van die Adventsverhaal te illustreer. Elke dag word 'n nuwe "venster" oopgemaak en die deel van die verhaal wat geïllustreer word, word vertel.

‘n Ander sinvolle gebruik tydens Advent is die Isai-boom. Die betekenis van die Isai-boom word afgelui uit Jesaja 11:1, *“’n Takkie sal uitspruit uit die stomp van Isai, ‘n loot uit sy wortels sal vrugte dra.”* Tradisioneel word hierdie teks met die geboorte van Jesus in verband gebring. Die boom kan in die kerkgebou staan gemaak word en dan algaande gedekoreer word met handgemaakte items wat die geskiedenis van die Skepping af tot Jesus Christus se geboorte simboliseer.

#### *5.3.2.2. Kerstyd*

Kerstyd is die een aspek van die kerklike jaar wat deur die meeste mense wat nie grootgeword het met die tradisies van die kerk deur die eeue nie, misverstaan word. Die mees algemene misverstand is dat “Kerstyd” die tyd voor Kersdag self is. So word Adventstyd en Kerstyd met mekaar verwar en beide hierdie tye word van hulle eintlike betekenis beroof en ons geloofslewe word so verarm.

Die betekenis van Kerstyd gaan dikwels verlore as gevolg van die kommersialisering en oor-sentimentalisering van die fees. Kerstyd is natuurlik die viering van Jesus Christus se geboorte. Die vraag is egter wat dit beteken. Vir die mens wat vasgevang is in ‘n bose wêreld vol nood en ellende is daar ‘n verlange na redding en hoop. God wat mens word en tussen ons kom woon gee vir ons juis daardie hoop. God gee om en Hy maak bemoeienis met die mens en die menslike toestand. Dit gee ons nuwe lewensmoed en nuwe lewensmoontlikhede. Kerstyd gedenk en vier die wonder van God wat mens word en ware vrede kom bring.

Kerstyd begin met sonsondergang op oukersaand en duur tot 5 Januarie. As ons begin tel by 25 Desember tot en met 5 Januarie, dan kom ons by die getal twaalf uit, die sogenaamde "twaalf dae" van Kersfees. Gedurende hierdie twaalf dae behoort ons eintlik "Kersfees" te vier.

Die kleure gedurende Kersfees s tradisioneel wit en goud wat op viering en vreugde dui. Die krip en die ster van Betlehem is die vernaamste simbole, saam met die engele en die skaapwagters. Die blou of pers van die Adventskanselkleed sowel as die stola van die liturg word nou vervang met die kleed en stola van Kerstyd.

#### ***5.3.2.3. Epifanie***

Die woord epifanie beteken letterlik "openbaarmaking" of "verskyning" en word spesifiek gebruik om na 'n goddelike wese te verwys. Epifanie is dus die openbaarmaking of verskyning van God in menslike vorm. Jesus se eerste wonderwerk word veral aan hierdie fees gekoppel aangesien dit die eerste keer is dat Jesus die goddelike natuur aste ware "gewys" het. Die kleure van Kersfees, wit en goud is ook die kleure van epifanie.

Die tyd tussen Epifanie en Lydenstyd fokus op die aardse bediening van Jesus voordat Hy na Jerusalem begin reis het. In die kerklike jaar word die eerste Sondag na Epifanie gebruik om Jesus se doop te vier en die laaste Sondag voor Lydenstyd begin word gebruik om Jesus se verheerliking op die

berg te gedenk. Tussen hierdie twee Sondae word aandag gegee aan dit wat Jesus gedoen het terwyl Hy as mens op aarde was.

#### *5.3.2.4. Lydenstyd*

Jesus se kruisiging en opstanding is die sentrale gebeure in die Christelike geloof. Die ingrypende effek van hierdie gebeure op ons menslike bestaan is kwalik rasioneel begrypbaar. Dit is eers wanneer ons hierdie gebeure op 'n liturgiese manier vier dat ons iets van die diepte van hierdie misterie begin begryp. Eers wanneer ons self deelneem aan die lewe, lyding, dood, opstanding en hemelvaart van Jesus word hierdie gebeure vir ons lewend en relevant.

Deelname aan die lyding-sterwe-opstanding verhaal begin by Lydenstyd. Lydenstyd is dus nie 'n afsonderlike seisoen in die kerklike jaar nie maar 'n voorbereidingstyd vir die viering van Paasfees. Jesus se veertig dae in die woestyn vorm die agtergrond en patroon van Lydenstyd. Lydenstyd is 'n tyd van hertoewyding aan die Here. Tradisioneel was Lydenstyd 'n voorbereidingstyd vir nuwe lidmate van die kerk. Persone wat as volwassenes hulle tot die Christendom gewend het, is op Paassondagoggend gedoop. Sommige gemeentes gebruik hierdie tyd om belydenisklaskatkisante voor te berei op die aflegging van belydenis van geloof, wat dan op Paassondagoggend of tydens die Paaswaak om middernag van Stil Saterdag geskied.

Lydenstyd strek vanaf As-Woensdag tot en met Stil Saterdag. As-Woensdag is die sewende Woensdag voor Paasfees. Lydenstyd duur 40 weeksdae en die getal dui op die tydperk wat Jesus in die woestyn deurgebring het waar Hy deur die Satan versoek is. Sondae in Lydenstyd vorm nie deel van hierdie 40 dae nie aangesien elke Sondag 'n viering van die opstanding van Jesus is en dus 'n klein Paasfees opsigself. Die hoogtepunt van Lydenstyd is die Groot Lydensweek wat op Palmsondag begin en met Stil Saterdag eindig.

Op As-Woensdag word ons bewus van ons sterflikheid en bely ons ons sondes voor die Here. As-Woensdag word so genoem omdat as in die Bybelse tyd simbool was van rou en droefheid. Op hierdie dag word daar ook soms 'n houtkruis in die kerkgebou aangebring wat gedurende die hele Lydenstyd teenwoordig is en 'n sentrale fokuspunt van elke erediens in hierdie tyd vorm. Op Goeie Vrydag of die voorafgaande Donderdagaand kan dit met 'n swart doek bedek word. Op Paassondagoggend kan dit met blomme oortrek word.

Die liturgiese kleur op As-Woensdag is vaalgrys. Die res van Lydenstyd is pers, maar verander na bloedrooi wanneer Palmsondag aanbreek. Dit bly rooi vir die Groot Lydensweek wat op Palmsondag begin.

Die vernaamste gebruik op As-Woensdag is om as-kruise op ons voorkoppe te dra. Hierdie kruise word deur die liturg aangebring deur gebruik te maak van 'n mengsel van as en olie. Die as herinner ons aan ons sterflikheid en sondigheid.

Tradisionele gebruike tydens Lydenstyd is gebed, vas en die gee van aalmoese. Gedurende Lydenstyd moet ernstige introspeksie gedoen word en moet die hele lewe in oënskou geneem word.

Op Palmsondag word Jesus se intog in Jerusalem herdenk. Palmtakke en kruise wat uit palmblare gemaak is speel tradisioneel ‘n groot rol in die viering van hierdie dag. Sommige gemeentes hou elke aand in hierdie week eredienste, met ‘n Nagmaalsviering op Donderdag. Tydens hierdie Nagmaalsviering, wat die instelling van die Nagmaal deur Jesus op die vooraand van Sy kruisiging in herinnering roep, vind daar tradisioneel verskeie simboliese handelinge plaas. Een gebruik is vir predikante om die voete van hulle lidmate te was soos wat Jesus die voete van Sy dissipels gewas het. ‘n Ander gebruik is om aan die einde van die diens die kerkgebou te stroop van alle versierings deur sover moontlik enige vorm van kleur uit die kerkgebou te verwyder. Die kansel word in swart gedrapeer, nie net as teken van Jesus se dood nie, maar ook as teken van wat die lewe van ‘n mens sonder Jesus sou wees. Die Diens van Duisternis vind ook gewoonlik tydens die diens op Donderdag plaas. Die progressiewe uitdoof van kerse totdat dit heeltemal donker is, terwyl die lydensverhaal gelees word, simboliseer Jesus se lydensweg en dood. Op Goeie Vrydag word die kruisiging van Jesus herdenk. Die sewe kruiswoorde van Jesus speel gewoonlik ‘n sentrale rol in die erediens op Goeie Vrydag. Stil Saterdag herdenk ons die Sabbatsrus van Jesus in die graf. Dit is tradisioneel ‘n dag van stilte en nadenke.

#### *5.3.2.5. Paastyd*

Paasfees is die fees van die nuwe lewe. Die woorde waarmee die vroeë Christene mekaar gegroet het, *"Christus het opgestaan!"*, gaan oor meer as net die bevestiging van 'n historiese feit. Dit gaan oor Jesus Christus wat ook in ons opstaan. Tydens die groot drie-dag liturgie (Vanaf Donderdagaand) beleef ons weer op liturgiese wyse ons eenheid met Jesus Christus in Sy dood en opstanding. Die misterie van ons eenwording met Jesus Christus, soos deur Paulus in Romeine 6 beskryf word liturgies gevier. Ons sterf saam met Hom en ons staan saam met Hom op en ons begin 'n nuwe lewe saam met Hom. Daarom sê Paulus in Galasiërs 2:20 ook dat ons nie meer lewe nie maar dat Christus in ons leef. Ons eenheid met Jesus Christus het die potensiaal om elke aspek van ons lewens te transformeer. Paasfees is 'n vreugdevolle tyd in die kerklike jaar en die gedagtes van hoop en nuwe lewe figureer prominent.

Die viering van Paasfees begin tradisioneel reeds teen sononder van Stil Saterdag. Die vroeë kerk het Paasfees met 'n Paaswaak gevier wat die hele nag geduur het. Vandag word hierdie ou tradisie voortgesit met 'n middernagdiens in sommige gemeentes. 'n Meer moderne neiging is om Paasfees te vier met sonsopkoms die volgende dag.

Wanneer dit by die kleure en simboliek in Paastyd kom sien ons dat die pers van Lydenstyd, wat rooi word in die groot Lydensweek, en wat swart word op Goeie Vrydag, nou wit word wat die kleur van oorwinning en reinheid is. Die

verandering in kleure simboliseer die feit dat ons skoon gewas word van sonde.

Die vernaamste simbool van Paasfees is die leë graf. ‘n Model van die graf kan gemaak word en voor in die kerkgebou geplaas word. Dit kan reeds op As-Woensdag gebeur. Die graf kan oopgelaat word en tydens die diens op Donderdagaand of Vrydagoggend toegemaak word. Voordat die erediensgangers opdaag vir die Paasfees word die graf oopgemaak en verlig aan die binnekant. Die graf kan ook met blomme versier word om die nuwe lewe wat uitspruit te simboliseer.

Een van die treffendste simbole op Paasfees of in Paastyd is die van ‘n blomme-kruis. Waar die kruis gedurende Lydenstyd ‘n prominente rol gespeel het en in swart of pers gedrapeer was, is die verandering na ‘n kruis wat met blomme oortrek word besonder aangrypend. Dit simboliseer nuwe lewe wat uit die kruisiging van Jesus ontspring. Die instrument van dood word nou die simbool van ‘n nuwe begin.

‘n Ander simbool gedurende Paastyd is om vir die kinders hardgekookte eiers te gee waarvan die dop rooi gekleur is. Wanneer die rooi dop afgehaal word en die wit van die eier kom te voorskyn is dit simbolies van Jesus se bloed wat ons reinig van ons sonde.

### *5.3.2.6. Pinkstertyd*

Pinkster is die fees van die Gees. Dit is ‘n natuurlike uitvloeisel van Paastyd en is ook die afsluiting daarvan. Met Pinkster vier ons die uitstorting van die heilige Gees, tien dae na Jesus se hemelvaart. Die Nuwe Testament assosieer hierdie fees met Jesus se belofte in Handelinge 1:8 en die verwagting van Joël 2, wat ook deur Petrus aangehaal word in sy toespraak wat in Handelinge 2 weergegee word. Pinkster is dus ‘n viering van die geleentheid waar die kerk met krag van bo toegerus is vir sy getuienistaak in die wêreld.

Die kleur van Pinkster is vuurrooi. Dit simboliseer natuurlik onder andere die tonge van vuur wat op die dissipels neergedaal het as teken dat die Gees oor hulle gekom het om hulle te bekragtig om die evangelie van Jesus Christus die hele wêreld in te dra. Die vuur simboliseer harte wat brandend is om die liefde van God sigbaar te maak in die wêreld. Saam met die vuur is die duif die mees algemene simbole van Pinkster. Die duif dui op die Heilige gees wat soos ‘n duif op Jesus neergedaal het met Sy doop in die Jordaanrivier.

### *5.3.2.7. Koninkrykstyd*

In Koninkrykstyd word veral gefokus op die kerk se werk na buite. Dit is sterk gekoppel aan Pinkster en vloei aste ware daaruit. Die klem val op die verskillende maniere waarop die kerk die koninkryk van God sigbaar en tasbaar in die wêreld maak. Koninkrykstyd is die tyd tussen Pinksterfees een die eerste Sondag van Advent. Die eerste Sondag in Koninkrykstyd staan bekend as Drie-Eenheidsondag en die laaste Sondag as Christus-die-

Koningsondag. ‘n Belangrike deel van Koninkrykstyd in Protestantse kerke is die viering van Hervormingsondag, die Sondag naaste aan 31 Oktober.

Die dominante kleur in Koninkrykstyd is groen. Dit simboliseer groen en ontwikkeling en dui op die groei en uitbreiding van die Koninkryk. Op Hervormingsondag is die kleur bloedrooi as simbool van die bloed wat hervormingsmartelare gestort het ter wille van hulle geloof.

**5.4. Funksies van simbole en rituele.**

Een van die belangrikste funksies van rituele is enersyds om te bewaar en andersyds om te hervorm.

Indien die bewarende funksie voorop staan, herbevestig rituele gewoonlik die bestaande orde en help dit mense om hulleself te anker in hulle waardes. Terselfdertyd dien dit as ‘n bevestiging van identiteit. In hierdie sin word rituele meer dikwels gebruik in ‘n statiese, stabiele, gestruktureerde (societas)tyd.

Daarenteen kan rituele ook ‘n samelewing help om sinvol te hervorm. In ‘n dinamiese (communitas)tyd waarin verandering en transformasie aan die orde van die dag is, kan rituele help om nuwe waardes toe te eien of ‘n oorgang na nuwe lewensfases bewerkstellig.

Uit die aard van die saak kan beide bogenoemde funksies met groot vrug in die liturgie verreken word. Die liturgie wil immers gelowiges help om voortdurend te ontdek wie hulle is, maar ook wie hulle kan wees.

‘n Verdere funksie van rituele is dat dit mense nie net fisies bymekaarbring nie, maar hulle ook emosioneel verbind. Dikwels vind groepskohesie plaas gewoon deur die kenmerkende uniekheid van ‘n geloofsgemeenskap se ritueel wat hom identiteit gee en uitleg teenoor ander gemeenskappe.

Dit beteken dat rituele nie net ‘n uitdrukking van identiteit is nie, maar ook help om identiteit te vorm.

**Slotopmerking:**

Die tyd waarin die kerk en mens van vandag leef is ‘n tyd wat gekenmerk word deur verandering. Dit is ook ‘n tyd waarin daar in besonder klem geplaas word op die visuele. Dit bied aan die kerk moontlikhede en uitdagings. Die grootste moontlikheid en uitdaging lê dan veral opgesluit in die gebruik van rituele en simbole binne die erediens. Daar is beslis ruimte daarvoor. Daar het ook reeds wonderlike goed op hierdie terrein binne die kerk plaasgevind. Wanneer daar op ‘n verantwoordbare wyse met die simbole binne die erediens omgegaan word, is ek daarvan oortuig dat die Boodskap van die Evangelie die mens in sy geheel sal raak. Dit sal vir die mens weer hoop gee om die uitdagings en terugslae van die lewe die hoof te bied. Daar sal steeds daarteen gewaak moet word dat die gebruik van simbole nie in ‘n formalisme mag verval nie. Daarom sal die ontginning en gebruik van simbole binne die erediens steeds ‘n voortgaande proses bly. Dit sal ook in besonder kreatiwiteit van die prediker vra. Die vernuwing van die erediens, en dan in besonder in die gebruik van simbole en rituele is in die gereformeerde sin van die woord eintlik onmoontlik as dit nie gepaard gaan met, en begelei word en gedra word deur die vernuwing van die mens nie. Wanneer ons besig is met die soeke, daarstelling en gebruik van simbole binne die erediens moet die eer van God en die behoeftes van die geloofsgemeenskap altyd voor oë gehou word. Wanneer dit in gedagte gehou word sal daar ‘n sivolle gebruik plaasvind van simbole en rituele binne die erediens.

**Lys van geraadpleegde werke:**


Altema, A. 2003. *Wolken gaan voorbij... Een homiletisch onderzoek naar mogelijkheden voor de preek in een postmodern klimaat.* Uitgeverij Boekencentrum, Zoetermeer.

Babin, P. 1991. *The New Era in Religious Communication.* Minneapolis: Fortress Press

Barnard, M & Schuman, N. 2002. *Nieuwe wegen in de liturgie.* Meinema: Zoetermeer.

Barnard, M. 2003. Ik zag een nieuwe hemel en een nieuwe aarde: kijken in de liturgie*. Lezing op congres 'Liturgie en die visuele: moontlikhede en uitdagings aan die erediens in 'n nuwe era van sintuiglikheid'.* Stellenbosch.

Biehl, P. 1991. Symbole geben zu verstehen. Zur praktisch-theologischen Bedeutung der Symbolhermeneutik Paul Ricoeurs, in: D. Zillessen, S. Alkier, R Koerrenz, H. Schroeter, *Praktisch-Theologishes Hermeneutik. Anzätze-Anregung-Aufgaben.* Reinbach: CMZ-Verlag.

Burger, C. 1995. *Gemeentes in transito.* Kaapstad: Lux Verbi.

Clasen, F.J. 2003. *Woordwyser. 'n Dag-tot-dag Bybelleesprogram.* Sinode van Oos-Transvaal.

Hoenderdaal, G.J. 1977. *Riskant spel. Liturgie in een geseculariseerd wereld.* 's-Gravenhage: Boekencentrum.

Lemmer, J.C. 1990. *'n Prakties-teologiese ondersoek na die gemeente se verstaan van die preek.* Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika (D.Th.-proefskrif).

Marti, A. 1978. *Gottesdienst – warum und wozu? Musik und Gottesdienst.* 32:3, 37-42.

Pieterse, H.J.C. 1991. *Gemeente en Prediking.* Halfway House: NG Kerkboekhandel.

Pieterse, H.J.C. 1998. Die rol van rituele en simbole in die identiteitsvorming van 'n geloofsgemeenskap – 'n Gereformeerde perspektief. *Skrif en Kerk,* Jrg 19(2), 342-348

Ricoeur, P. 1973. *The language of faith*. Union Seminary Quarterly Review, 28/3, 213-224.

Ricoeur, P. 1977. *Toward a hermeneutic of the idea of Revelation.* Harvard Theological Review, 70/1&2, 1-73.

Rookmaker, H.R. 1970. *Modern art and the death of a culture.* Illinois: Intervarsity Press.

Sagovsky, N. 1978. *Liturgy and Symbolism*. Bramcote Notts.: Grove Books.

Schweiker, W. 1988. *Beyond imitation: Mimetic Praxis in Gadamer, Ricoeur and Derrida.* Journal of Religion, 68/1, 21-38.

Small, A.J. 1994. *Die kommunikasie binne die erediens, met die klem op die prediking.* Pretoria: Universiteit van Pretoria (ongepubliseerde BD-proefskrif), 11-20.

Strauss, M.U. 1994. *Die inrigting van die erediens in 'n makrogemeente binne gereformeerde liturgiese tradisie.* Bloemfontein: Universiteit van die Oranje-Vrystaat (D.Th.-proefskrif).

Strauss, M.U. 1995. Eerste treë in die ontwerp van 'n gereformeerde liturgiese simboliek. *Acta Theologica* 15(2), 86-95.

Thiselton, A.C. 1992. *New horizons in hermeneutics.* Grand Rapids: Zondervan.

Turner, V. 1969. *The Ritual Process. Structure and Anti-Structure.* New York: Aldini.

Turner, V. 1974. *Dramas, Fields and Metaphors. Symbolic Action in Human Society.* Ithaca, NY: Cornell University Press.

Van Schoor, M. 1982. *Wat is kommunikasie?* Johannesburg: Sigma-Pers.

Vos, C.J.A. 1996. *Die volheid daarvan I – Homiletiek uit 'n hermeneuties-kommunikatiewe perspektief.* Pretoria: RGN-Uitgewery.

Vos, C.J.A. 1996. *Die volheid daarvan II – Homiletiek uit 'n hermeneuties-kommunikatiewe perspektief.* Pretoria: RGN-Uitgewery.

Vos, C.J.A. 1996. Homiletiese flitse in die hermeneutiese spieël van Paul Ricoeur (2). *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 11(2).

Vos, C.J.A. & Pietsre, H.J.C. 1997. *Hoe lieflik is U woning.* Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing: Pretoria.

Vos, C.J.A. 1999. Die Towertyd van liturgie. *Praktiese Teologie in Suid Afrika 14(1),* 99-100.

White, E. 1991. Between Suspicion and Hope: Paul Ricoeur's vital hermeneutic. *Literature & Theology. An Interdisciplinary Journal of Theory and Criticism*, 5(3), 311-321